

**DIE DIACHRONIE
VAN DIE AFRIKAANSE
VOLTOOIDE DEELWOORD**

Charl Jacobus Conradie

'n Proefskrif voorgelê aan die Fakulteit Lettere van die
Universiteit van die Witwatersrand ter voldoening aan die
vereistes vir die graad Philosophiae Doctor.

Johannesburg, 1979

VOORWOORD

Aan die begin van hierdie boek en aan die einde van hierdie studie wil ek graag teenoor my promotor, prof. dr. E.H. Raidt van die Universiteit van die Witwatersrand, my hartlike dank betuig vir die bekwame, deskundige en inspirerende wyse waarop sy rigting gegee het aan die totstandkoming daarvan.

'n Paar studiejare aan die Utrechtse Instituut A.W. de Groot voor Algemene Taalwetenschap het veel tot my taalkundige vorming bygedra en gelei tot belangrike voorstudies tot hierdie werk. In dié verband wil ek prof. dr. H. Schultink spesiaal bedank.

Ek dink met veel dank en waardering terug aan proff. dr. Meyer de Villiers en W. Kempen van Stellenbosch wat my ingelei het in die strukture en moontlikhede van die Afrikaanse taal; my belangstelling ook in die geskiedenis van Afrikaans en meer as een ou Germaanse taal het ek in 'n hoë mate aan prof. De Villiers te danke. Ook wil ek die geleentheid te baat neem om my hartlike dank uit te spreek teenoor mej. L. du Toit, my Afrikaans-onderwyseres.

In soverre my studie in Nederland as voorbereiding vir hierdie proefskrif gedien het, wil ek graag die Nederlands-Zuidafrikaanse Vereniging en Nederlandse Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen bedank vir die beurse wat ek kragtens die Kultuurverdrag van hulle ontvang het, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir 'n toekenning m.b.t. na-magistergraadstudie in die buitenland en die Helpmekaar-Studiefonds vir studielenings. My dank ook aan die volgende persone en instansies vir toestemming om van hulle materiaal gebruik te maak: die R.G.N. se Nasionale Dokumentasiesentrum vir Afrikaans (i.v.m. dokumentasiemateriaal), prof. H. Kroes van die R.A.U.-Taaldiens (i.v.m. gesproke taal-korpusse) en mnr. D.C. Hauptfleisch (i.v.m. voorbeelde uit sy M.A.-verhandeling). Baie dankie aan mev. Williams wat die tikwerk onderneem het.

Die vroegste inspirasie is uit my ouerhuis afkomstig, waar Afrikaans as taal altyd 'n ereplek beklee het. Ek wil aan my ouers, Ben en Esmè Conradie, baie dankie sê hiervoor en vir hulle volgehoue belangstelling, aanmoediging en hulp tydens my studie hier en oorsee.

Teenoor Rachel, my vrou, wat die hele totstandkoming van die proefskrif meegemaak het, daadwerklike steun verleen het en nooit getwyfel het aan die noodsaaklikheid van die werk nie, wil ek hiermee my diepgevoelde dankbaarheid uitspreek.

C.J. Conradie

v

Opgedra aan Rachel

"Die Hollander sê: eten, drinken, loopen, spreken,
ens.; ons sê kort af: eet, drink, loop, spreek,
ens., en waarom is ons eet, drink, ens., nie net
so goed nie as die Hollandse woorde met die
langsleep?"

- Die Afrikaanse Patriot, 15 Maart 1876.

INHOUD

HOOFSTUK 1: <u>Inleiding</u>	1
1.1 Doelstellings	1
1.2 Struktuur en metode	2
1.3 Vormkenmerke van die Ndl. v.d.w. in historiese perspektief	4
1.3.1 Voorsetse	4
1.3.2 Voorvoegse	5
1.3.2.1 Die voorvoegse <u>ge-</u>	5
1.3.2.1.1 Historiese oorsig	5
1.3.2.1.2 Woordklem en <u>ge-</u> invoeging	6
1.3.2.1.3 <u>Ge:</u> verdere opmerkings	7
1.3.2.2 Ander voorvoegsels	7
1.3.3 Stam	8
1.3.3.1 V.d.w.-stam = infinitiefstam	8
1.3.3.2 Vokaalverskil	9
1.3.3.3 Konsonantverskil	11
1.3.3.4 Vokaal- en konsonantverskil	11
1.3.3.5 Verskillende stamme	11
1.3.4 Middelvokaal	12
1.3.4.1 By die sterk werkwoorde	12
1.3.4.2 By die swak werkwoorde	12
1.3.5 Deelwoordelike uitgang: algemene ontwikkeling	13
1.3.6 Adjektiewiese uitgang	13
1.4 Slot-/t/-verlies in Ndl.	15
1.4.1 Opmerkings vooraf	15
1.4.2 Slot-/t/-verlies in Nederland	16
1.4.3 Gegewens volgens tyd, streek, dialek of persoon	18
1.4.4 Enkele tentatiewe gevolgtrekkings	31
1.5 Sintaktiese funksie	34
1.5.1 Sintaktiese funksies	34
1.5.2 Die teenstelling "werkwoordelik"/"byvoeglik"	36
1.5.3 Kontekste van die b.v.d.w. in Ndl. en Afr.	39
1.5.4 Sintaktiese funksie as faktor in defleksie	46

1.6	Slot	46
	Note by hoofstuk 1	47
HOOFSTUK 2:	<u>Vormontwikkeling van die swak voltooide deelwoord (werkwoordelik gebruik), 1652-1875</u>	55
2.1	Inleiding	55
2.2	Die voorvoegsel <u>ge-</u>	56
2.2.1	Weglating en toevoeging	56
2.2.2	Toevoeging as gevolg van sametrekking	57
2.3	Die stam	58
2.3.1	Inleiding	58
2.3.2	Datering van stamveranderinge	59
2.3.2.1	Stam in Ndl. onreëlmatig	59
2.3.2.2	Stameindkonsonant verval	62
2.3.2.3	Ander gevalle van stamwysiging	63
2.3.2.4	Stamwisseling deur dialektiese wisseling in Ndl.	64
2.3.3	Die v.dw.- en pv./inf.-stam	65
2.4	Die uitgang	70
2.4.1	Inleiding	70
2.4.2	Huidige stand van die ondersoek	74
2.4.2.1	Oriëntering	74
2.4.2.2	Slot-/t/-verlies soos beskryf deur J. du P. Scholtz	75
2.4.2.3	Slot-/t/-verlies: 'n aanvullende studie deur F.C. Snyman	80
2.4.3	Die variasie-gerigte model	82
2.4.3.1	Inleiding	82
2.4.3.2	Die model	84
2.4.3.3	Toepassing op Kaaps-Ndl. en vroeë Afr.	89
2.4.4	Die materiaal	91
2.4.4.1	Aanbieding van die materiaal	91
2.4.4.2	Variasiepatrone in Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekste	94
2.4.5	Ontleding van die gegewens	116
2.4.5.1	Die algemene patroon	117
2.4.5.1.1	Die algemene patroon op sigwaarde	117
2.4.5.1.2	Die algemene patroon uit die gegewens afgelei	118

2.4.5.1.3	Interpretasie van die algemene patroon	120
2.4.5.2	Taalverandering	123
2.4.5.2.1	Kwantitatiewe verandering	124
2.4.5.2.2	Verandering in die patroon	125
2.4.5.2.3	'n Paar anomalieë	131
2.4.6	'n "Foutiewe" uitgang	135
2.4.7	Gevolgtrekkings: slot-/t/-verlies	136
2.5	Die verhouding tussen stam en uitgang	139
2.6	Kort oorsig	141
	Note by hoofstuk 2	143
HOOFSTUK 3:	<u>Vormontwikkeling van die sterk voltooide deelwoord (werkwoordelik gebruik), 1652-1875</u>	153
3.1	Inleiding	153
3.2	Ge-	156
3.3	Stam	156
3.3.1	Afsonderlike gevalle	156
3.3.2	Relatiewe konserwatisme van die v.dw.	162
3.4	Uitgang	165
3.4.1	Aard van die proses van slot-/ə/-verlies	165
3.4.2	Scholtz se datering van slot-/ə/-verlies	169
3.4.3	Sistematiese uitgangsverlies in teks- komplekse	170
3.4.4	Interpretasie van die gegewens	174
3.4.5	Algemene gevolgtrekkings	176
3.5	Die verhouding stam/uitgang	177
3.5.1	Uitgangsverlies en v.dwe. met of sonder vokaalwisseling	178
3.5.2	Vokaalgelykskakeling en uitgangsverlies: tussenstadiume?	179
3.5.3	Bevindings	184
3.6	Gelykskakeling	184
3.6.1	Gelykskakeling en afsonderlike v.dwe.	185
3.6.2	Gelykskakeling en afsonderlike skrywers	186
3.7	Samevatting	190
3.8	Vergelyking van slot-/t/- en -/ə/-verlies en teoretiese beskouing	193
3.8.1	Vergelyking van slot-/t/- en -/ə/-verlies	193
3.8.2	'n Skaal van woordsoorte	195

Note by hoofstuk 3	199
HOOFSTUK 4: <u>Vormalternansie by die sterk en swak byvoeglike v.dw. in die periode 1925-1978: sisteem en gebruiksfêre</u>	205
4.1 Indeling en vraagstelling	205
4.2 Die sterk byvoeglike v.dw.	206
4.2.1 Inleiding	206
4.2.2 Sterk b.v.dwe.: materiaal	210
4.2.2.1 Keuse van die materiaal	210
4.2.2.2 Wyse van tabulering	214
4.2.2.3 Tabelle volgens grondwoord	219
4.2.3 Grammatiese aspekte van die vormalternansie	267
4.2.3.1 Afleidings uit die tabelle	267
4.2.3.1.1 Verband met stam	267
4.2.3.1.2 Meganiiese analise van getabuleerde materiaal	269
4.2.3.1.3 "Letterlik", "figuurlik", ens.: die semantiese faktor	272
4.2.3.1.4 Sinsnede met b.v.dw. en al figuurlik	273
4.2.3.1.5 Vaste uitdrukkings	277
4.2.3.1.6 Gemoedstoestandsdeelwoorde	278
4.2.3.1.7 Sintaktiese kontekste	278
4.2.3.1.7.1 Hoofkontekstgroepe	278
4.2.3.1.7.2 Die kontekste afsonderlik	280
4.2.3.1.7.3 Koppelwerkwoorde	282
4.2.3.1.7.4 Oorganklikheid	284
4.2.3.1.8 Morfologiese faktore	286
4.2.3.1.9 Enkele fonologiese kwessies	290
4.2.3.1.10 Vergelykend en opsommend	291
4.2.3.2 Enkele teoretiese oorwegings	293
4.2.3.2.1 Inleidend	293
4.2.3.2.2 Enkele TG hipoteses	295
4.2.3.2.3 Versoenbaarheid van hipoteses met empiriese feite	299
4.2.3.2.4 'n Oorkoepelende beskouing	305
4.2.4 Taalgebruiksregisters, verwervingsonderdom en diglossie	312
4.2.4.1 Taalgebruiksregisters	313

4.2.4.2	Verwerwingsouderdom	320
4.2.4.3	Diglossic en sy nadraai	324
4.2.5	Diachroniese aspekte	327
4.2.5.1	Statistiese vergelyking	327
4.2.5.2	Voorbeelde	328
4.3	Die swak en onreëlmatige b.v.dw.	329
4.3.1	Inleiding	329
4.3.2	Die Afr. Woordelys en Spelreëls	330
4.3.3	Tabelle volgens grondwoord, en uitgangslose gevalle	331
4.3.3.1	Reëlmatige b.v.dwe., postnominaal	332
4.3.3.2	Uitgangslose gevalle	338
4.3.3.3	Onreëlmatige b.v.dwe., post- en prenominaal	338
4.3.4	Onreëlmatige swak b.v.dwe.	339
4.3.5	Verband met die stam	340
4.3.6	Semantiese faktore	342
4.3.7	Die aanduiding van gemoedstoestand	343
4.3.8	Sintaktiese konteks	344
4.3.9	Morfologiese faktore	345
4.3.10	Fonologiese konteks	345
4.3.11	Diachroniese aspekte	346
4.3.12	Skoolgebruik - 'n kort ondersoek	349
4.3.13	Reëlmatige (en gerregulariseerde sterk) prenominale b.v.dwe.	350
4.4	Sterk en swak b.v.dwe.: vernameeste bevindings	354
4.4.1	Sterk b.v.dwe.	354
4.4.2	Swak (en onreëlmatige) b.v.dwe.: opsommend en vergelykend	357
	Bylae A: Skriftelike vrae aan hoërskoolleerlinge	360
	Note by hoofstuk 4	361
HOOFSTUK 5:	<u>Vormalternansie by die sterk en swak byvoeglike v.dw. in die periode 1875-1925, ook met verwysing na die werkwoordelike v.dw.</u>	381
5.1	Inleiding	381
5.2	Die sterk v.dw.	383

5.2.1	Inleiding	383
5.2.2	Sterk v.dwe.: materiaal	383
5.2.2.1	Keuse en weergawe van die materiaal	383
5.2.2.2	Grondwoorde en gegewens	386
5.2.2.3	Ongereg. vorme slegs werkwoordelik gebruik	394
5.2.2.4	Wisselvorme	395
5.2.2.5	Vorme uit 'n Arabies-Afrikaanse Kategismus	395
5.2.3	Grammatiese aspekte van die vormalter-nansie	395
5.2.3.1	Verband met stam	396
5.2.3.2	"Letterlik", "figuurlik", ens.: die semantiese faktor	397
5.2.3.3	Enkele vaste uitdrukkings en idiome	398
5.2.3.4	Aanduiding van gemoedstoestand	398
5.2.3.5	Sintaktiese kontekste	399
5.2.3.6	Enkele morfologiese kwessies	400
5.2.3.7	Ouer fonologiese vorme	401
5.2.3.8	Samevatting	401
5.2.4	Taalgebruiksregisters en diglossie	402
5.2.4.1	Taalgebruiksregisters	402
5.2.4.2	Diglossie	405
5.2.5	Diachroniese aspekte	405
5.2.5.1	Statistiese benadering	405
5.2.5.2	Diachroniese vergelyking d.m.v. voorbeelde	406
5.2.5.2.1	"Konserwatiewe" vorme	406
5.2.5.2.2	"Progressiewe" vorme	408
5.2.5.3	Die ww.v.dw. <u>gedaan</u>	409
5.2.5.4	Samevatting	410
5.3	Die swak en onreëlmatige v.dw.	411
5.3.1	Inleiding	411
5.3.2	Materiaal	412
5.3.2.1	Reëlmatige b.v.dwe. en ww.v.dwe., post-nominaal	412
5.3.2.2	Vorme met die /t/-uitgang slegs in werk-woordelike funksie	422
5.3.2.3	Uitganglose gevalle	424
5.3.2.4	Onreëlmatige swak b.v.dwe. en ww.v.dwe., post- en prenominaal	424

5.3.2.5	Wisselvorme	426
5.3.2.6	Vorme uit Arabies-Afr. kategismus	427
5.3.3	/t/-behoud en verband met die stam	428
5.3.4	Semantiese faktore	428
5.3.5	Aanduiding van gemoedstoestand	428
5.3.6	Sintaktiese konteks	429
5.3.7	Morfologiese faktore: die voorvoegsel <u>on-</u>	430
5.3.8	Fonologiese konteks	430
5.3.9	Taalverandering	431
5.3.10	Samevatting	433
5.4	Sterk en swak v.dwe.: vernaamste bevindings	434
	Note by hoofstuk 5	437
HOOFSTUK 6:	<u>Die byvoeglike v.dw., 1652-1875: differensiasie van die ww.v. w. en aanloop tot 'n vormalteransie</u>	443
6.1	Inleiding	443
6.2	Sterk v.dwe.	446
6.2.1	B.v.dwe. in verskillende sintaktiese kontekste	446
6.2.2	Vormteenstellings en verskillende tekste	449
6.2.3	Morfologies en fonologies afwykende vorme of oorgangsvorme	454
6.2.4	Vaste uitdrukkings en formules	455
6.3	Swak v.dwe.	455
6.3.1	B.v.dwe. in verskillende sintaktiese kontekste	455
6.3.2	Vormteenstellings in verskillende tekste	457
6.3.2.1	Swak v.dwe. met stemlose stameinde	457
6.3.2.2	Swak v.dwe. met stemhebbende stameinde	460
6.3.3	Morfologies en fonologies afwykende vorme	463
6.3.4	Vaste uitdrukkings en formules	464
6.4	Aktief en passief	465
6.5	Bevindings	466
	Note by hoofstuk 6	469
HOOFSTUK 7:	<u>Die voltooide deelwoord, 1652-1978 - vernaamste momente</u>	474
7.1	Inleiding	474

7.2	Slot-/t/-verlies	474
7.3	Slot-/ə/-verlies	478
7.4	Slot-/t/- en -/ə/-verlies: 'n vergelyking	480
7.5	Verandering van die deelwoordstam	482
7.6	Die ontwikkeling van 'n vormteenstelling by die sterk en swak b.v.dw.	486
7.7	Verband tussen ontwikkelinge by die sterk en swak v.dwe.	492
7.8	Enkele teoretiese kwessies	495
7.9	Enkele taalgebruikskwessies en diglossie	497
7.9.1	Taalgebruiksregisters	497
7.9.2	Verwerwingsouderdom en gebruik by skool- kinders	498
7.9.3	Diglossie	499
7.10	Die verhouding spreektaal/skryftaal	499
7.11	Slot	503
	Note by hoofstuk 7	506
	<u>Lys van aangehaalde werke</u> (a) Studies	507
	(b) Tekste	513
	<u>English abstract</u>	521
	<u>Afkortings van grammatika-en ander terme</u>	525
	<u>Toelichting by skemas en tabelle</u> (uitvoublad)	525

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 DOELSTELLINGS

Die Afr. voltooide deelwoord^{1*} (hierna afgekort tot "v.dw."**) verskil in 'n belangrike mate van die Ndl. v.dw. wat sy vorm en gebruik betref. Teenoor Ndl. gebroken ("sterk"), gekocht ("swak" en onreëlmatig) en gewerkt ("swak" en reëlmatig) staan in Afr. die volledig geregulariseerde vorme gebreek, gekoop en gewerk. Maar naas gebreek vind ons ook nog gebroke. In suiwer werkwoordelike (of verbale) funksie is slegs gebreek moontlik, terwyl in byvoeglike (of adjektiwiese) funksie daar 'n alternansie is tussen gebreek(-te) en gebroke, wat beheer word deur faktore wat hoofsaaklik sintakties en semanties van aard is. 'n Sintaktiese verskil tussen die Ndl. en Afr. v.dw. is daarin geleë dat lg. in sy volgorde ten opsigte van ander wwe. in die werkwoordgroep minder vry is as die Ndl. v.dw., vgl. dat wij gewerkt hebben en dat wij hebben gewerkt in Ndl. teenoor slegs dat ons gewerk het in Afr.

Die doel van hierdie studie is om op grond van Kaaps-Ndl. en vroeë en mod. Afr. tekste 'n beskrywing te gee van die vormontwikkeling van veral die werkwoordelike v.dw. (hierna afgekort tot "ww.v.dw.") en die ontstaan van en faktore wat gemoeid is by die alternansie van die byvoeglike v.dw. (hierna afgekort tot "b.v.dw.") in die tydperk 1652-1978. Die sintaktiese verskille tussen die Ndl. en Afr. v.dw. kom egter nie aan die orde nie².

Om die leser in staat te stel om hom ten opsigte van die studie in sy geheel te oriënteer, word die algemene struktuur daarvan en die benaderingswyse wat daaraan ten grondslag lê, hieronder hoofstuksgewys uiteengesit (par. 1.2). Vervolgens kry die voorloper van die Afr. v.dw., nl. die Ndl. v.dw., aandag, asook enkele sake wat vir meer as een hoofstuk of die hoofstukindeling as sodanig van belang is.

* Die note wat by 'n hoofstuk hoort, verskyn telkens na die betrokke hoofstuk.

** 'n Lys van afkortings en 'n uitvoublad ter toeligting van die vernaamste skemas en tabelle verskyn aan die einde.

So word daar kortliks nagegaan wat die vernaamste vormkenmerke van die Ndl. v.dw. is (par. 1.3), uitvoeriger gekyk na die een sistematiese en omvangryke veranderingstendens by die Ndl. v.dw. wat onmiddellike voortsetting by die Afr. v.dw. vind, t.w. die apokopee of verlies van slot-/t/ (par. 1.4), en aandag geskenk aan enkele sintaktiese kwessies soos die onderskeid "werkwoordelik"/"byvoeglik" by die v.dw. en die sintaktiese funksies of kontekste van die b.v.dw., wat 'n belangrike rol in latere hoofstukke speel (par. 1.5).

1.2 STRUKTUUR EN METODE

Hoofstukke 2 en 3 het as tema die vormontwikkeling van die swak en sterk ww.v.dw., onderskeidelik, in die tydperk 1652-1875. In albei hoofstukke word agtereenvolgens gekyk na ontwikkelinge by die voorvoegsel, die stam en die agtervoegsel en nagegaan wat die aard van die wisselwerking hiertussen is.

Die ontledings in hierdie en die volgende hoofstukke steun sterk op die ekserperering van vorme uit tekste asook in 'n hoër mate op die tel van v.dwe. met kenmerke wat van Ndl. afwyk (asook van v.dwe. wat met Ndl. ooreenstem). Dit is in dié verband belangrik om te onderskei tussen die aantal "types" - d.w.s. verskillende leksikale items (waar 'n spesifieke leksikale item net eenmaal getel word) - en "tokens" - d.w.s. verskillende woorde (wat almal getel word, ongeag herhaling van reeds getelde leksikale items). Om dié rede word "type" en "token" hieronder onvertaald as vakterme behou. Die statistiese gegewens vir die swak v.dw. (asook die persoonsvorm - afgekort tot "pv." - en nie-werkwoordelike woordsorte - afgekort tot "nie-wwv." - om die ontwikkelings by die v.dw. in 'n wyer kader te plaas) word in par. 2.4.3 geïnterpreteer binne die raamwerk van 'n sociolinguistiese model. Hierdie benadering vind in hoofstuk 3 ook op die sterk v.dw. toepassing. In dié hoofstuk kyk ons ook kortliks na 'n woordsorteskaal en die verklaring wat dit vir talle waarnemings wat gedoen is, bied.

In hoofstukke 2 en 3 word verskynsels in hulle chronologiese opeenvolging bespreek; in hoofstukke 4-6, daarenteen, is dit eers die mod. Afr. sisteem wat aan die orde kom (hoofstuk 4) en daarna sy voorlopers in die tyd (hoofstukke 5 en 6). Vanaf hoofstuk 4 val die klem baie sterk op die b.v.dw., aangesien 'n mens kan aanneem dat die ww.v.dw. in dié tydperk reeds volledig geregulariseerd (hierna afgekort tot "gereg.") is in die spreektaal. Die ww.v.dw. word slags betrek waar dit vir die beskrywing van die b.v.dw. relevant is - uiteraard meer in hoofstukke 5 en 6 as in 4. Hoofstuk 4 is 'n sinchroniese studie op grond van geselekteerde geskrewe tekste en gesproke materiaal van die vormalternansie by sowel sterk as swak b.v.dwe. in die moderne tydperk, t.w. 1925-1978. Die mod. tydperk word as uitgangspunt geneem en die meeste aandag daaraan bestee, want in hierdie tydperk het die vormalternansie hom ontplooi, vir dié tydperk is daar baie materiaal beskikbaar en by dié tydperk sluit die ondersoeker se taalgevoel die nouste aan. Ons kyk nie alleen na grammatiese (leksikale, sintaktiese, semantiese, morfologiese, fonologiese, e.a.) faktore wat die vormalternansie kan bepaal nie, maar ook na die gebruik van die b.v.dw. in verskillende taalgebruikersregisters, d.w.s. in verskillende soorte tekste en in 'n mate ook by verskillende soorte taalgebruikers, en na die ouderdom waarop veral ongereg. sterk b.v.dwe. verwerf word. Hoofstuk 4 wil tevens daarop wys hoe sommige bevindings met aspekte van taalteorie (veral die TG teorie) verband hou en as 'n empiriese bevestiging van sekere hipoteses dien. Aangesien die klem in hierdie studie veral op die empirie val en die materiaal hom nie daartoe leen om uitgebreide teoretiese hipoteses in besonderhede te verifieer nie, speel die teorie slegs 'n ondergeskikte rol.

In hoofstuk 5 word 'n voorafgaande tydperk, te wete 1875-1925, op ongeveer dieselfde wyse maar as gevolg van materiaalbeperkings aansienlik minder uitvoerig behandel, veral om 'n aanduiding te kry van die mate waarin ons die moderne vormalternansie reeds hier aantref. In hoofstuk 6 kyk ons na die eerste tydperk, te wete 1652-1875, in soverre daar

materiaal beskikbaar is. In hoofstuk 7, die slot, word die vernaamste verskynsels wat in die studie aan die orde gekom het, tematies en opsommend behandel.

1.3 VORMKENMERKE VAN DIE NDL. V.DW. IN HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die Afr. v.dw. sluit in sy klank- en vormontwikkeling hoofsaaklik aan by die v.dw. soos dit uit Ndl. oorgelewer is. Die historiese ontwikkeling van die Ndl. v.dw. word vervolgens kortliks geskets, met verwysing na die verskillende moontlike onderdele van die v.dw.

In Mnl. v.dw. soos utegheslotene het, wat sy historiese morfeemsaamstelling betref, die volgende geledinge:

ute: voorsetsel
ghe: voorvoegsel
slōt: stem
e: middelvokaal
n: deelwoorduitgang
e: adjektiefuitgang

Die opmerkings hieronder oor die ontwikkeling van die v.dw. van Indo-Europees na Afr. word onder hierdie ses hoofde tuisgebring.

1.3.1 Voorsetsel³

Die opmerkings wat hier gemaak word, geld veral die klempatroon van die v.dw.

Volgens Schönfeld het die Oudgermaanse beginneksent in Ndl. "in principe" bewaar gebly. Die feit dat saamgestelde ww. (in teenstelling met nominale komposita) die klem op die tweede lid het (bv. weerstáán, doorzién), kan daaruit verklaar word dat Oudgm. nog geen saamgestelde ww. gehad het nie⁴.

Die jonger, skeibaar saamgestelde ww., soos dóórzien, het egter die hoofklem op die eerste sillabe⁵. Die v.dw. van die skeibaar saamgestelde ww., bv. dóórgezien, is die

enigste tipe v.dw. wat die hoofklem op die eerste sillabe dra. Ofskoon die skeibaar saamgestelde ww. (en sy v.dw.) waarskynlik 'n semantiese eenheid is (één leksikale item vorm), word die sintaktiese beskrywing van die werkwoordgroep in Ndl. en Afr., en daarmee saam die toekenning van klem op sintaktiese basis, vergemaklik deur dit nie as eenheid te sien nie. In die volgende gevalle dra die ww. bv. nie die hoofklem nie:

het hús zièn (voorwerp dra meer klem as ww.);
erdóór zièn (voorsetsel dra meer klem as ww.).

Terselfdertyd word ge- onmiddellik voor die hoofww. ingevoeg. By die v.dwe. van skeibaar saamgestelde wwe. het ons dus moontlik te make met 'n skynbare uitsondering op die algemeen geldende klempatroon van v.dwe..

Die feit dat die eerste lid van die skeibaar saamgestelde v.dw. (oorspronklik) 'n voorsetsel is, het veral 'n sintaktiese implikasie: deurdat die skeibare v.dw. meer dikwels as sy nie-saamgestelde teenhanger oorganklik is, word dit dikwels in passiewe sinsverhoudinge gebruik, bv. Afr. deurgestane angs, teenoor *gestane X. Die feit dat ons 'n vorm soos deurgestane in Afr. aantref, is gedeeltelik 'n gevolg van die oorganklikheid.

1.3.2 Voorvoegsel

1.3.2.1 Die voorvoegsel ge-

Aangesien in hierdie studie min aandag geskenk word aan die aan- of afwesigheid van ge- by die v.dw., word hier volstaan met enkele opmerkings oor die geskiedenis van ge-, faktore wat die aan- of afwesigheid van ge- bepaal (veral met verwysing na Afr.) en ander klankvorme van dié voorvoegsel.

1.3.2.1.1 Historiese oorsig

Die voorvoegsel ge-, wat oorspronklik "saam" beteken, verbind aanvanklik nie uitsluitlik met wwe. nie, vgl. Got. ge-skahi, Ndl. gebroeders⁶. Dit kan in hierdie betekenis

moontlik selfs in verband gebring word met Lat. cum/com/co(n)⁷, wat dus op Indo-Europese herkoms dui. Volgens Franck verbind die Gm. ww. dikwels met ge- "um dem ganzen Verbum, nicht der einzelnen Zeitform, den Begriff der perfektiven Aktionsart zu verleihen, d.h. um den Verbalbegriff als eine Handlung mit Abschluss und Ergebnis zu bezeichnen"⁸. Schönfeld noem die voorvoeging van ge- 'n karakteristieke verskil tussen Got. en Wesgm.. Ge- word in Wesgm. 'n vaste voorvoegsel van die v.dw., omdat die v.dw. maklik 'n perfektiewe betekenis kan aanneem; ge- word geleidelik as integrerende deel van die v.dw. gevoel, en word 'n middel om hom te onderskei van die infinitief, wat dieselfde vorm kon hê as die v.dw.⁹. Deurdar ge- in Oudwesgm. verswak van eerste lid van 'n samestelling tot voorvoegsel, verloor hy sy klem en "verbleek" sy vokaal¹⁰.

Die verbinding van dié voorvoegsel met vorme van die ww. om resultatiewe betekenis daaraan te gee, gee tot ten minste twee ontwikkelings aanleiding. Die voorvoeging van ge- het eerstens - miskien via 'n tussenstadium van aspektuele opposisie tussen ww. en ge- + ww. - die ontwikkeling van 'n nuwe stel ww. tot gevolg. In Mnl. is daar egter toenemende betekenisverskil tussen die ww. met en sonder g(h)e- waarneembaar. By sommige ww. het die ge-lose ww. selfs verlore gegaan, vgl. genieten, generen, genezen, genoegen¹¹. In gunnen, glaven, geeten het die voorvoegsel as gevolg van 'n neiging tot sinkopee van /ə/ in die eerste sillabe, onherkenbaar geword; ge- is dan later opnuut aan die v.dw. toegevoeg¹². Ge- bied nogtans in die v.dw. as gevolg van die funksie wat dit daar het, beter weerstand teen die sinkopee as bv. ge- elders en as be-¹³.

Tweedens raak ge- met die v.dw. geassosieer: eers om, waar nodig, perfektiewe/resultatiewe betekenis daaraan te gee; later met v.dwe. oor die algemeen, sonder hierdie voorvereiste.

1.3.2.1.2 Woordklem en ge-invoeging

Sedert Mnl. (met v.dwe. soos wórden, bléven, vónden, ens.) ontstaan daar 'n morfologiese reël in Ndl. (voortgesit in

Afr.) waarvolgens 'n v.dw. - of 'n groep van meer wwe. wat sintakties as v.dw. funksioneer - 'n klemkontras moet bevat, sodanig dat 'n minder beklemtoonde sillabe 'n sterker beklemtoonde sillabe voorafgaan (vgl. o.m. Afr. gêvóér, (deur)gêvóér, pròbéér, òntvóér, impliséér, lâat stáán - waar dit as v.dw. optree) - 'n vereiste waaraan 'n v.dw.(-groep) in sy bou moet voldoen. (Dit impliseer ook dat 'n v.dw. ten minste twee sillabes moet hê). As 'n v.dw. nie aan hierdie vereistes voldoen nie, is dit verpligtend om ge- in te voer¹⁴. Origens (dit wil sê in gevalle waar reeds aan hierdie vereiste voldoen word) is die toevoeging van ge- afhanklik van die voorvoegsel wat reeds aanwesig is of ander (soms idiosinkratiese) faktore. Op hierdie terrein is daar heelwat verskille tussen Ndl. en Afr. Die belangrikste faktore wat in mod. Afr. 'n rol speel (asook die historiese aanloop), word behandel in Menkveld(1978), o.m. met verwysing na sosiolinguistiese variasiepatrone.

1.3.2.1.3 Ge-: verdere opmerkings

Naas ge- vind ons ook /i/, /e/ en ø voor die stam van die v.dw.¹⁵. Reduksie van die ge- kom ook uitgebreid in moderne Ndl. dialekte¹⁶ voor en selfs in Nederduits¹⁷. In mod. Afr. kom /ə/+stam (sover my bekend) slegs in "babytalk" voor (ekry, esien, ens.). Die Ndl. wisselvorme van ge- is vir Afr. waarskynlik nie van historiese belang nie; die feit dat die keuse tussen ge- en e- altans in sommige Ndl. dialekte deur die grammatiese konteks bepaal word¹⁸, bied egter vergelykingsmateriaal vir Afr., waar die keuse tussen 'n reëlmatige en onreëlmatige vorm van die v.dw. gedeeltelik deur grammatiese faktore bepaal word (vgl. par. 4.2.1 hieronder).

Die toevoeging van ge- tot 'n s.nw., wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n "skynbare partisipium" soos gepunt, kan vlg. Hauptfleisch daartoe aanleiding gee dat 'n egte v.dw. (en dus 'n nuwe ww.) ontstaan¹⁹.

1.3.2.2 Ander voorvoegsels

Ander belangrike voorvoegsels is die volgende:

on-: staan vlg. Schönfeld dikwels voor v.dwe. met aktiewe krag, bv. onverdiend, ongedaan, onverdroten, onverwijd²⁰;
be-: in wwe. soos bekomen, bezetten; met gesinkpeerde klinker in b-lussen²¹;
on/ont-²²;
er-, met klemverswakking uit oor-²³;
her/ver-²⁴.

1.3.3 Stam

Die stam (of tema) bestaan uit wortel + suffiks; die wortel, op sy beurt, uit opsionele (maar meestal aanwesige) aanvangskonsonant(e) + vokaliëse kern. In IE het die sonantiese suffiks dikwels as vokaliëse kern diens gedoen. Stamme sonder suffiks staan as "etematies" bekend, en vorm maar 'n klein groepie.

In die onderstaande bespreking van die historiese ontwikkeling van die stam beperk ek my sover moontlik tot wat uiteindelik vir Afr. relevant mag wees²⁵.

As ons die stam van die v.dw. met die infinitiefstam vergelyk in moderne A.B.Ndl. (wat hier gebruik word as 'n gerieflike vertrekpunt vir die geskiedenis van Afr.), vind ons dat daar dikwels volledige ooreenstemming, maar soms ook heelwat verskil is. Die volgende tipes kan globaal onderskei word:

1.3.3.1 V.dw.-stam = infinitiefstam

Hier kan ons onderskei tussen (i) reëlmatige, swak v.dwe. (gewerkt: werken) en (ii) sterk v.dwe. met dieselfde vokaal as die inf., bv. genezen, vergeten, ens., uit ablautsklas V, en gedragen, gevaaren, ens., uit ablautsklas VI. Die historiese ontwikkeling kan soos volg opgesom word:

<u>Ablautsklas V:</u>	<u>Inf.</u>	<u>V.dw.</u>	<u>Suffiks</u>
IE	ε	ε	} +kons ²⁶ -son
Ogm.	ε	ε	
Onfr.	ε	e/i	
Mnl.	e:	e:	
A.B.N.	e:	e:	

<u>Ablautsklas VI:</u>	<u>Inf.</u>	<u>V.dw.</u>	<u>Suffiks</u>
IE	a(?)	a(?)	} +kons -son
Ogm.	a	a	
Onfr.	a	a	
Mnl.	a:	a:	
A.B.N.	a:	a:	

1.3.3.2 Vokaalverskil

Daar kan slegs 'n vokaalverskil tussen die v.dw.-stam en die inf.-staam wees.

(i) Die verskil kan 'n histories reëlmatige ablauteurskil wees, volgens die onderstaande skemas:

<u>Ablautsklas I:</u>	<u>Inf.</u>	<u>V.dw.</u>	<u>Suffiks</u>
IE	ei	i	} +kons
Ogm.	i:	i	
Onfr.	i:	i	
Mnl.	i:	e:	
A.B.N.	ei	e:	

bv. blijven : gebleven

<u>Ablautsklas II:</u>	<u>Inf.</u>	<u>V.dw.</u>	<u>Suffiks</u>
IE	eu/ø ²⁷	u	} +kons
Ogm.	eu/u	u	
Onfr.	iu/eo/u:	o	
Mnl.	i/y:	a:	
A.B.N.	i/æ y	a:	

bv. gieten : gegoten,
sluiten : gesloten

<u>Ablautsklas IIIa:</u>	<u>Inf.</u>	<u>V.dw.</u>	<u>Suffiks</u>
IE	e	∅	+kone +son - nas +kone
Ogm.	e	u	
Onfr.	e	u/o	
Mnl.	e	o	
A.B.N.	e	o	
			bv. <u>helpen</u> : <u>geholpen</u>

<u>Ablautsklas IIIb:</u>	<u>Inf.</u>	<u>V.dw.</u>	<u>Suffiks</u>
IE	e	∅	+kone +son +nas +kone
Ogm.	i	u	
Onfr.	i	u/o	
Mnl.	i	u	
A.B.N.	i	o	
			bv. <u>binden</u> : <u>gebonden</u>

<u>Ablautsklas IV:</u>	<u>Inf.</u>	<u>V.dw.</u>	<u>Suffiks</u>
IE	e	∅	+kone +son
Ogm.	e	u	
Onfr.	e	u/o	
Mnl.	e:	o:	
A.B.N.	e:	o:	
			bv. <u>breken</u> : <u>gebroken</u>

<u>Ablautsklas V:</u>	<u>Inf.</u>	<u>V.dw.</u>	<u>Suffiks</u>
IE	e	e	+kone -son
Ogm.	e	e	
Onfr.	e	e/i	
Mnl.	i	e:	
A.B.N.	i	e:	
			bv. <u>liggen</u> : <u>gelegen</u>

<u>Ablautsklas VI:</u>	<u>Inf.</u>	<u>V.dw.</u>	<u>Suffiks</u>
IE	a(?)	a(?)	+kone -son
Ogm.	a	a	
Onfr.	a	a	
Mnl.	e	a:	
A.B.N.	e	a:	
			bv. <u>scheppen</u> : <u>geschapen</u>

(ii) Die verskil kan ook 'n vokaalverskil wees wat nie in ooreenstemming met boet. is nie, bv. doen - gedaan.

1.3.3.3 Konsonantverskil

Die verskil kan uitsluitlik konsonanties van aard wees, soos in eten - gegeten, slaan - geslagen. Die /x/ in die stam van gegeten is 'n oorblyfsel van ge-, met gesinkopeerde /ə/²⁸; ge- is later by hernuwing aan die v.d.w.-stam toegevoeg. Die verskil tussen slaan en geslagen is 'n gevolg van die Wet van Verner.

1.3.3.4 Vokaal- en konsonantverskil

Daar kan 'n vokaal- sowel as 'n konsonantverskil tussen die inf.-stam en die v.d.w.-stam wees. Die groep bidden - gebeden, liggen - gelegen, zitten - gezetten, heffen - geheven, hebben - gehad het hiertoe behoort in soverre die inf.-stam - anders as die v.d.w.-stam - geminasie van die suffiks vertoon het. As gevolg van die feit dat hierdie geminasie later opgehef is, moet die eerste drie woe. in die A.B.N. egter tot groep (i) in par. 1.3.3.2 gereken word.

'n Verdere sub-groep is uitverkiezen - uitverkoren, verliezen - verloren, vriezen - gevroren, met 'n vokaalverskil van ablautsklas II en 'n konsonantverskil wat teruggaan op grammatiese Wechsel.

'n Laaste sub-groep bestaan uit brengen - gebracht, denken - gedacht, (ver-)knopen - verknocht, dunken - gedocht, zoeken - gezocht, kopen²⁹ - gekocht. In gebracht en gedacht vind ons, net soos by die imperfekta bracht(e) en dacht(e), die verkorting voor /xt/ en /ft/ van 'n lang, genasaleerde klinker in Gemeengm., op sy beurt uit 'n IE kort /a/ of /ɔ/ -nessal. Dieselfde klinkerverkorting vind ons ook by verknocht, gedocht, gezocht en gekocht³⁰. Die verdergeande konsonantverskil tussen kopen en gekocht, en open en verknocht, is 'n gevolg van die verandering van Opg. /t/ na Ovnfr. /xt/.

1.3.3.5 Verskillende stamme

In die geval van zijn - gewees behoort inf. en v.d.w. nie tot dieselfde stam nie.

1.3.4 Middelvokaal

1.3.4.1 By die sterk werkwoorde

By die v.dw. van sterk wwe. was die Gm. middelvokaal in die reël /a/ (uit IE /o/), maar by 'n minderheid van wwe. /i/ (uit IE /e/); in enkele gevalle het die middelvokaal ontbreek³².

Sedert Mnl. is die middelvokaal /ə/. In die noordoostelike dialekte vind ons in plaas van /-ən/³³ slegs die nasaal in sillabiese funksie, sodat die /ə/ dus afwesig is. Na die apokopee van /-n/ in die sentrale dialekte word /-ə/ die uitgang van die sterk v.dw., met 'n mindere of meerdere mate van nasalering in ander dialekte.

Swakbeklemtoonde /ə/ word in Ndl. alleen geapokopeer indien slot-/n/ al voorheen afgeval het. Ofskoon die apokopering van /-n/, soos elders, ook by die v.dw. sy gang gegaan het, is daar geen sprake van die verlies van slot-/ə/ by die sterk v.dw. nie. Swakbeklemtoonde slot-/ə/ het volgens Weijnen al van kort na 1300 in Utrechts en Hollands begin verval, en daarna ook in die suid-sentrale en suidoostelike dialekte³⁴, en kenmerk dus die herkomsgebied van Afr. Maar al sou Ndl. /ə/-verlies geen regstreekse voortsetting in die Afr. v.dw. hê nie, is dit tog belangrik om te let op die aard van die vervalproses in Ndl. (vgl. par. 3.4.1 hieronder); Van Haeringen wys bv. op die sterk funksionele bepaaldheid van die proses³⁵.

1.3.4.2 By die swak werkwoorde

Wat v.dwe. van die swak wwe. betref, tree in die 1e klas (j-wwe. wat ou kousatiewe is) soms /i/ - die kousatiefuitgang in verkorte vorm - as middelvokaal op³⁶. Soms ontbreek die middelvokaal, soos by die imperfek (vgl. die latere gedacht, geacht³⁷). Wwe. op /o:/ - d.w.s. van die 2e klas - het /o:/ as middelvokaal in Ogm.³⁸. Wwe. op /-e:/ - d.w.s. van die 3e klas - het in sommige gevalle /e:/ as middelvokaal, en in ander gevalle geen middelvokaal nie, vgl. o.m. Ogm. *lagd (gelegd), *libd (geleeft), *sagd (gezegd)³⁹.

In Mnl. het die middelvokaal kleurloos (= /ə/) geword en, soos by die /ə/ van die imperfek, onderhewig geraak aan sinkopee. (Weijnen noem nog gescherpet, gevraget, gestellet⁴⁰). Die v.dw. was - altans wat die swak v.dw. betref - minder onderhewig aan sinkopee as die ooreenstemmende imperfek; in die latere Mnl. periode is die /ə/ dikwels heringevoer: ghetroostet, gheachtet⁴¹.

1.3.5 Deelwoordelike uitgang: algemene ontwikkeling

Die v.dw. is in IE gevorm deur nē/nō of tē/tō⁴², waarvan die tweede tipe die frekwentste was⁴³. In Gm. vind 'n differensiering plaas - Hirt noem dit 'n Gm. vernuwing⁴⁴ - waarvolgens die /t/- (later /p, ð, t/-) variant 'n uitgang van die swak, en die /n/-variant 'n uitgang van die sterk wwe. word.

'n Neiging tot apokopee van die /n/ na die "onduidelike klinker" begin hom reeds in Mnl. openbaar⁴⁵. Die grootste gedeelte van Brabant, Limburg, Utrecht en Holland - en veral die groot stede-gebied, meer as bv. die platteland van Noord-Holland⁴⁶ - het die /n/-lose vorm of 'n sterk voorkeur daarvoor⁴⁷.

1.3.6 Adjektiwiese uitgang

Die deelwoorde (partisipia) is van oorsprong verbale adjektiewe⁴⁸. Die oorspronklike IE partisipium het in Gm. - soos in Lat. - ondergegaan, omdat die perfek die aanduiding van die verlede geword het⁴⁹. Die verbale adjektiewe het oorspronklik dieselfde funksie as die deelwoorde gehad, maar sonder om aan die tempusstem en die genus van die ww. verbonde te wees⁵⁰. Ons kan dus aanneem dat hierdie antesedent van vandag se v.dw. - ook wat sy uitgang betref - dieselfde ontwikkelingsgang as die adjektief gevolg het.

Die adjektief was oorspronklik onverboë⁵¹, maar neem in IE reeds die fleksie van die s.nw. aan. In Dergm. ontstaan daar onder die invloed van die v.nw. gemengde fleksie. In Mnl. vind opnuut beïnvloeding deur die voornaamwoordelike

fleksie van die voorafgaande woord plaas. Later tree 'n verlies van buigingsuitgange in. Die /ə/ is ten slotte die enigste uitgang wat in Ndl. bewaar bly, weers† r d bied teen apokopee en selfs deurdring tot die sterk fleksiesies-teem⁵².

In Ndl. is die swak en sterk b.v.dwe. postnominaal on-verboë, bv. bewerkt, getroffen⁵³.

Prenominaal kom die swak b.v.dw. met of sonder 'n /ə/-uitgang voor onder dieselfde voorwaardes as die gewone b.nw. Die vorm met -/ə/ is teweens die vorm wat in die ekv. van die substantivering gebruik word; -/n/ word toegevoeg vir die mv.

Prenominaal is die sterk b.v.dw. vandag onverboë, met die uiteondering van gedane, vergaane, ontstane, ens.⁵⁴. Onder die invloed van die Renaissancistiese taalkunde kom Van Helten tot kunsmatige onderskeidings, soos afsonderlike vorme vir ml. en mv., o.m. by v.dwe.⁵⁵. Die kunsmatigheid blyk reeds daaruit dat die ml. op -n moes eindig - wat in elk geval nie uitgespreek is nie - en die vr. en mv. op -/ə/. W. Bilderdijk merk bv. op "dat in de eerste soort deze Lijdelijke deelwoorden hun n niet afleggen kunnen, en het Vrouwelijke van verslagen, getroffen (by voorbeeld) niet verelage en getroffe is, maar wel verslagene en getroffene kan zijn, en de casus obliquus in 't Mannelijke even zoo verelagenen en getroffenen is"⁵⁶. Die paradigma is dus:

	Ekv.		Mv.	
	ml.	vr.		
<u>nom.:</u>	getroffen	} getroffene	getroffene	
<u>obliq.:</u>	getroffenen			

Volgens Royen is verbuiging van dwe. op -en "geen zeldzaamheid"; hy wys op gevalle soos "verbannene menschen", "bij geschrevene copie", "van den geboren dichter", ens.⁵⁷.

Dat daar egter meningsverskil t.a.v. die verboë tipe bestaan, blyk uit die volgende: Volgens P.C. Hooft is (ook in die genitief) sowel de behoude as behoudene eer moontlik; die -ene-uitgang verval later; Hooft kontrasteer ook: "Een gevangen man": "een gevange vrouw", ens.⁵⁸. Van der Veen

sê van Bredero se taal dat v.dwe. van sterk wwe., attributief gebruik, "in den regel onverbogen" bly, ofskoon die verboë vorm nou en dan voorkom⁵⁹. Weijnen het slegs: "onse opgeblase siel"⁶⁰.

Morfologies gesproke vorm die (kunsmatige) verboë vorm die grondslag vir substantivering; die paradigma is:

ekv.: de verslagene, mv.: de verslagenen⁶¹.

'n Aantal voorbeelde van lg., soos vergeten-en, ingezeten-en, ens., vind ons by Royen; ook by substantiverings van v.dwe. kom die -/s/-mv. ("zaakmeervoud") voor, vgl. gegevens, ingezondens, en in gehatenen, uitgebuitenen het ons met hiperkorreksie te make⁶².

1.4 SLOT-/t/-VERLIES IN NDL.

'n Opvallende verandering wat die v.dw. in die tydperk van die volksplanting aan die Kaap besig is om te ondergaan, is die verlies van die /t/-uitgang by swak v.dwe. Hierdie uitgangsverlies is 'n onderdeel van 'n morfologiese en klankverandering wat veel verder as die v.dw. reik. Wat in Nederland as neiging, streeksgebruik, opsionele taalreël(s) bestaan het, kry in S.A. sy beslag as vaste kenmerk van Afr. Om hierdie rede word in dié hoofstuk heelwat aandag geskenk aan die verskynsel van slot-/t/-verlies in Nederland.

1.4.1 Opmerkings vooraf

Waar die byvoeglike uitgang afwesig is, word die /t/-uitgang van die v.dw. van swak wwe. in Ndl. aan apokopee blootgestel. Dié verlies van slot-/t/ by die v.dw. - wat reeds in die 14e eeu in Utrechts waargeneem is en vandag nog sekere Ndl. dialekte kenmerk - is deel van 'n veel wyer proses van /t/-verlies⁶³ wat ook persoonsvorme van die ww., en nie-wwe., soos die s.nw., b.nw., byw., telw., ens., kan raak. Die /t/-verlies kan optree na 'n verskeidenheid stemlose en stemhebbende klanke. Die /t/ wat kan verval, kom tipies aan die

woordeinde voor - as uitgang of as stomeindsegment. In baie gevalle is dit egter ook moontlik dat 'n woord-interne /t/ - waar die /t/ aan die einde van 'n morfeem staan - deur die-selfde proses verval. Gevalle van die laaste tipe, waar die verlies onder sinkopee ressorteer, word dikwels aan assimilasie toegeskryf.

Die hele proses van /t/-verlies is nog nie toereikend verklaar nie: vorm dit 'n onderdeel van 'n proses waarvolgens konsonantgroepe vereenvoudig word? - hang dit saam met die verandering van /ts/ na /s/, wat juis so 'n groot aantal apokoperende dialekte kenmerk?

Dit is nie die doel hiervan om vrae soos dié te beantwoord nie. Aangesien slot-/t/-verlies by die Afr. v.d.w. in die volgende hoofstuk as deel van 'n wyer proses bespreek word, word hier slegs gepoog om as agtergrond 'n beeld te gee van Ndl. /t/-verlies uit verskillende tydperke en streke, aan die hand van voorbeelde wat deur verskillende skrywers gegee word (vgl. par 1.4.3 hieronder).

Dit is uiteraard ook nie die bedoeling om te bewys dat /t/-verlies in Nederland voorkom of voorgekom het nie; dit is al toereikend aangetoon. Die vernaamste standpunte word hieronder weergegee.

1.4.2 Slot-/t/-verlies in Nederland

Verskillende skrywers het op voorbeelde van /t/-verlies in Suid-Hollandse en Utrechtse tekste vanaf die Middeleeue tot aan die tyd van die volksplanting aan die Kaap, gewys. Van den Berg, wat self heelwat voorbeelde gevind het, kon, op grond van die gegewens wat hy hanteer het, beweer "dat de apokopee van de t in het Utrechts niet minder oud is dan in het Zuid-Hollands", en verder dat "de mensen die zich in de tweede helft van de zeventiende eeuw aan de Kaap gevestigd hebben, ... de geapokopeerde vormen evengoed uit Utrecht als uit Zuid-Holland meegebracht (kunnen) hebben ..." ⁶⁴.

Snyman ondersoek - o.m. vir die tydperk voorafgaande aan die volksplanting - die verskynsel van slot-/t/-verlies in die volkstaal, die beskaafde spreektaal en in amptelike,

koloniale Ndl. afsonderlik⁶⁵. Aan die hand van die joernale van Pieter van den Broecke vul hy self die bestaande gegewens oor /t/-verlies in die beskaafde omgangstaal in Nederland aan. Met verwysing na die werk van o.a. Hoelmans en Raidt en na sy eie ondersoek van Pieter van den Broecke se joernale, kom hy tot die gevolgtrekking dat slot-/t/-verlies "in Nederland (beide na stemlose en stemhebbende konsonant in werkwoordelike vorme én buite die werkwoord) ... ook in die beskaafde omgangstaal voorgekom het"⁶⁶. Snyman ekserpeer verder 'n groot hoeveelheid amptelike, koloniale materiaal van Batavia, maar vind slegs 'n klein aantal gevalle van /t/-verlies⁶⁷.

Wat die daaropvolgende tydperk betref, kom Raidt op grond van die 17e- en 18e-eeuse Hollandse en Utrechtse tekste wat sy bestudeer het, tot die gevolgtrekking dat "die apokopee 'n kenmerkende en wyd verspreide spreektaalvorm ook in die beskaafde omgangstaal was"⁶⁸.

Vir die moderne tyd, d.w.s. die 19e en veral 20e eeu, bestaan daar 'n aantal dialektudies wat die verskynsel van /t/-verlies meer of minder uitvoerig behandel. Weijnen merk in sy algemene studie die volgende op: "Na scherpe spirant valt de t uit in een deel van Limburg, een deel van Gelderland en Overijssel, hier en daar tussen de grote rivieren, tot in de stad Utrecht toe, en in vele Hollandse stadjes; soms ook in de provincie Antwerpen. Het verschijnsel is al oud"⁶⁹. Vir Kloeke is die /t/-verlies 'n Suid-Hollandse verskynsel en die gunstige klankkonteks ook 'n spirant: "... in het Afrikaans valt de t (evenals in de Zuidhollandse steden (my onderstreeping - C.J.C.) voornamelijk af na spiranten"⁷⁰.

'n Goede beeld van veral die moderne geografiese verspreiding van slot-/t/-verlies vind ons in Van Veen se studies oor die dialek van die provinsie Utrecht. Van Veen kom tot die slotsom dat die /t/-verlies – en wel by woorde wat eindig op 'n frikatief of eksplosief + /t/ – "een typisch Utrechts verschijnsel" is⁷¹. In verband met ander strake sê hy: "Met apocope van de t sluit het Utrechts zich aan

bij oostelike dialekte en niet bij het Brabants. In Noord-Holland hebben we het verskijnsel niet gevonden ...; in Zuid-Holland in het algemeen ook niet, behalve in enkele steden, en in plaatsen in de onmiddellike omgeving van deze steden: Den Haag, Leiden, Delft, Schiedam, Rotterdam, Voorburg, Naaldwijk, Maasland, Dordrecht, Dubbeldam. Het is merkwaardig dat het meestal konservatiewe platteland dit verskijnsel niet kent ..."⁷². Van Veen, anders as Kloeke, wat die Suid-Afrikaanse neiging tot die verlies van slot-/t/ sien as veroorsaak deur die dialek van Suid-Holland, is "eerder geneigd die Zuidafrikaanse apocopering te herleiden op het Utrechtse dialekt"⁷³.

1.4.3 Gegewens volgens tyd, streek, dialek of persoon

Tabelle 1 tot 9 hieronder bevat voorbeelde van die weglating (verlies, apokopee) en (dikwels hiperkorrekte) toevoeging van /t/ aan die woord- of morfeemeinde, na gelang van die gegewens wat deur ondersoekers genoem word. Die toevoeging van /t/ word ook hier betrek omdat algemeen aangeneem word dat sporadiese toevoeging van 'n /t/ waar dit nie histories of volgens die taalreëls tuis hoort nie, 'n betroubare aanduiding is van die verlies van 'n leksikon- of reël-matige /t/ in dieselfde dialek of in die spreektaal van dieselfde persoon.

In die opstel van die tabelle word 1700 as 'n grens beskou: voorbeelde van voor 1700 kan nog verteenwoordigend wees van vorme van Ndl. waaruit Afr. ontstaan het; voorbeelde van na 1700 kan miskien sinvol vergelyk word met Afr. in sy ontwikkelingsgang, maar staan origens in 'n minder regstreekse verhouding tot Afr. Die bedoelde grens loop tussen tabelle 5 en 6.

Die voorbeelde wat in die verskillende tabelle saamgevoeg is, is van uiteenlopende empiriese status. Behalwe dat ondersoekers miskien verskillende vooropgesette ideë kon gehad het oor die aard van /t/-verlies/-toevoeging in hulle bronnemateriaal, verteenwoordig sommige voorbeelde stellig toevallige optekening, ander die resultaat van 'n sistematiese

soektog en ander miakien maaksele van die ondersoeker-as-dialekspreker.

Die doel met die opstel van die verskillende tabelle is om ondanks bg. empiriese nadeel, tog 'n beeld te probeer kry van die rol van die woordsoort, enersyds, en die voorafgaande klank, andersyds, as moontlike faktore wat /t/-verlies kondisioneer in 'n bepaalde streek, by 'n bepaalde persoon, ens.

Tabel 1: Die verlies en toevoeging van /t/ aan die morfemeinde in tekste van die stad Utrecht en sy omgewing⁷⁴ van 1262 tot 1523

	<u>Weglating</u>			<u>Toevoeging</u>	
	<u>V.dw.</u>	<u>S.nw./Eie-naam</u>	<u>Ander</u>	<u>Pres., 3e p. ekv.</u>	<u>S.nw./Eie-naam</u>
/x/	ghekun-dichn80 g(h)ehees-dich(3x)n87 gebesichn88	pachn75 overd ach n76 Vech(2x)n81 holtgerech n83 gestichn84 knechn85	achen(2x)n82		
/f/		graffn92			
/θ/	ghemeta n77	Osbroecn86 Korssavont n87 Kerssavont n87		waestn87	Mersegast n87 Marsegast n87 Massegast n87 marssegast (3x)n91
/k/					beddetijc-tern79
/p/					coeptn78
/m/					raemt n87 raemtern87 kelderraem-tern87 raemt(t)en (2x)n90 raemtn92
/r/		buermenn89			

In soverre die klein hoeveelheid vorme enigsins verteenwoordigend genoem kan word van 'n sisteem, kan gestel word dat /t/-verlies woordsoortlik beperk is tot die v.dw. en s.nw./eienaam, en klankmatig tot 'n voorafgaande stemlose frikatief.

Volgens Van Veen is "in de oudste Dietse documenten van de stad Utrecht ... te zien dat de apocope van de t reeds in de Middeleeuwen voor de taal van Utrecht kenmerkend was"⁹³. Van Veen ken 'n "bijzondere bewijskracht" aan hiperkorrekte vorme toe⁹⁴. Dit is egter opvallend dat die versameling hiperkorrekte vorme vir 'n groot deel bestaan uit 'n herhaaldelik gekonstateerde eienaam, Merse-/Marsegast (waar volketimologie m.i. 'n rol kon gespeel het), en 'n orde waar die paragogiese /t/ gebruiklik genoeg moes gewees het om in die mv. opgeneem te word, nl. beddetijoten, raemten. Die paragogiese /t/ van raemt staan buitendien nie teenoor gevalle met /t/-verlies na 'n stemhebbende konsonant nie.

Tabel 2 bevat voorbeelde uit amptelike dokumente of klugte afkomstig uit die vernaamste Suid-Hollandse stede en hulle omgewing, eweneens deur verskillende ondersoekers opgeteken.

Ugulating										Ugulating						
U.d.n.	P.W.s. in n. sky.	P.P.s. in n. sky.	D.P.s. in n. sky.	Imp.	Nam/ Clanname	A.m.	B.y.	Ande	P.W.s. in n. sky.	P.P.s. in n. sky.	Imp.	Sand/ Clanname	G.t.w.	H.v.	huich	
/x/	gevoogh n99 gevoech n100 (pausim)	vreesman n100 draach n111			leuch n103 nach n95 tgeroeb n101 Dardrech n101		nachjes n104 lienjes n106	acjo99				laecht n103 laecht n103 snoech n105(2x) waecht n 105 Goute n101 Kortveegt n110 Gregel- steucht n110 Wacht n 120	dachtn95 baercht n96 licht n96 houecht n96 suylat n119	heggel- lycht n96 nacht n 99 ouder- ueck n111 nacht 111	nacht n 48(3x) nacht n 99 wacht n100 wacht- avon- thicht n108	
/r/	geoeef n96	gher n95 herf n95 blieff n 105 hoefme n 105 haarf(r) n110, 112	geufme n107		heil n95 schrijfe n106		wafjes n106					bloeft n112 starkt n107	kerkloft n98 rento- bloeft n99 verft n 99 hoert. smys n 112			
/v/					decoje n 105 lito)hoems n112(2x) dyne n108 gnsje n103 (2x) kotteje n 103(2x) wassje n105 tydsoje n 105 boereje n 107 lijakens n 108 wijken n111			lat n9h	stijt n 121							
/k/	gemaeck nub(2x)	ghedruck n95 duackje n103 (7x) blyek n 112								denekt n121		lyct n 101 tycktae- uer n 111 contrack n110, 112				
/p/	gehoemp n111	sliep n 105 wren n 105 loodse n 106 beloon n112	heb n 105							roepste n104		rlicht n103 riepste n105 sluoet n106	beloopt n111			
vok		Slu n 105 daene n106		ghij n n103	na n107 legn107 Qopn105 aneen103 reen103 onthou n103 Lae n103 (4x)							knemut n98				
/q/		sinon n117										gingt n 103 (2x p,2x)				
/m/												qucent (2xp) n103, 110 shant (2xp) n118	wint n 116			
/nl	geaken n96(4x) gheseker n103, 112	ken n103, 105	ken n105 vin n115		mann n 98		duyken n108 dusen n108		kint n 95			tjarent n105		Istant n105 (2x)		
/ll	actael n103, 112 (2x)	gel n 105			n101 n103, 105, 109 behiel- se n 105 (3x)							fielt n101		dubbelt (7x)n 102, 107, 108, 109, 122		
/sf	gewil- inkuur n112	zuyter n115			wer n107		weer n108					ruwe- tert n 96,122 heggert n93 suppent n103 otlnck- art n 103		zuyvert n100 zuyvnm n100	wywert n113	

Van den Berg konkludeer op grond van die feite tot sy beskikking: "Het 16de-eeuwse apokoperingsgebied zou dan tot Maas-, Delf- en Rijnland beperkt geweest zijn en niet tot het IJ gereikt hebben"¹²³.

Uit tabel 2 blyk dat na 'n stemlose segment /t/-verlies by wwe. sowel as nie-wwe. voorkom en daar dus geen woordesootlike beperking op /t/-verlies is nie. Wat betref /t/-verlies na /s/ moet opgemerk word dat die verkleinwoord - waar verlies niekien aan "normale" woord-interne assimilasië toegeskryf kan word - 'n relatief groot bydrae lewer. Juis na /s/ vind ons dan ook relatief min gevalle van toevoeging. Die groot aantal gevalle van verlies sowel as toevoeging na /x/ is daarenteen opvallend. Nogtans is /t/-verlies duidelik aanwesig na frikatief sowel as eksplosief.

Na alle stemhebbende klanke, behalwe /m/, vind ons verlies (en na alle stemhebbende klanke toevoeging). Wat die woordesootlike verspreiding betref, vind ons wwe., met inbegrip van v.dwe., goed verteenwoordig (selfs met verlies van die atameinde), teenoor slegs 'n klein minderheid van nie-wwe.

Van den Berg sê n.a.v. die voorbeelde wat hy genoem het: "Het voorkomen van t-loze participiumvormen met stemhebbende (betael) en stemloze consonant (gemaek) geven, althans voor Zuid-Holland, geen steun aan de veronderstelling van prof. Scholtz dat de t in het voltooid deelwoord na stemhebbende klank later weggevallen is dan na stemloze"¹²⁴, en verder: "Het feit dat t-loze participia in de gebruikte bronnen in dezelfde tijd optreden als t-loze persoonsvormen, pleit tegen de veronderstelling, dat de persoonsvormen eerder hun t verloren hebben dan de participia"¹²⁵.

Die vorme wat Snyman¹²⁶ uit die werk van Pieter van den Broecke geëkserepeer het, word in Tabel 3 weergegee.

Tabel 3: Die verlies en toevoeging van /t/ aan die morfeemwinde by Pieter van den Broecke¹²⁷
vanaf 1605 tot 1630.

Verlies							Toevoeging				
V.du.	Pres., 3e p. sky.	Imp.	B.nw./ Eiendom	B.nw.	Byw.	Andar	Pres., 3e p. sky.	Imp.	B.nw.	B.nw.	Byw.
/x/	gebrach (3x) verjach gebrach gelich (2x) gevluch gevrach gesten- nich	drach oorloch (2x)	opgeoch brach (3x) versoch doch	vrach lach(2x) gewich (t)jach (12x) wach mach(5x) nach (10x) midder- nach (4x) achter- doch oordrach (3x) voer- knech wijttrach n128 Eendrach (5x)		dich (11x) rech		laght	dechte	over- vlo- dicht genocht	nacht
/f/	opge- schaff	behoeff starff		thoof hoaff drif(f) (2x) hoiff(4x)					hooft n129		oft
/s/	gewe(u)s (4x) gewe(u)ts (10x)	gecridts n132		mees hooes(4x)							
/k/	gebruyck geuoet- soek (5x)	vertreck		contrack							
/p/	gewe(u)p (2x) gedoep	loep(2x)									
Vok	getrouw n136										
/m/								nampt			
/n/	sander- tijcken n133			sanp130 tracte- men stiltoten		dier- ontren exselien	dul(j)sen (2x) dussen ontren (4x) wen		begon(d)t (3x)		
/l/	gewel gemets- sel	vel	hiel (2x)	opeln130 gewel (dur)	wiln130 (2x)	ongew- twijf- fel (x2)		wil(d)t (2x)			
/r/	gementer (3x) vervoer- der verblu- ter geprupe- rer gecon- senter gedistin- ner geuoeci- der						geder(2) honder uydt gesender		geurle- maer n134	andort n134	

Slykens tabel 3 het Van den Broecke na alle stemlose segmente /t/-verlies by aduel uwe. as nie-uwe. Na stemhebbende segmente is /t/-verlies, wat die uwe. betref, feitlik beperk tot die v.d.w.; by die nie-uwe- is /t/-verlies beslis aanwesig.

Die gegewens in Tabel 4 is eweneens van Snyman afkomstig.

Tabel 4: Die verlies en toevoeging van /t/ aan die morfemeinde in 'n aantal bande van die Betawiase Dagh-Register¹³⁵ vanaf 1624 tot 1681

<u>Wenlating</u>							<u>Toevoeging</u>					
<u>V.d.w.</u>	<u>Pres. 3e p. ekv.</u>	<u>Imp.</u>	<u>S.nw./ Eienaam</u>	<u>B.nw.</u>	<u>Byw.</u>	<u>Ander</u>	<u>Pres. 3e p. ekv.</u>	<u>Imp.</u>	<u>S.nw.</u>	<u>B.nw.</u>	<u>Byw.</u>	<u>Ander</u>
/x/			plach n140 soch n140	jach n 136, 137			macht n141	toe- draegt n140	gracht (=graf) n137	oneyn- dicht n139		
/f/	blyff n140			Delff (2x) n137								
/s/	pas n 141			Kere- dach n138	leste- leeden n138 sers- dechts n138					lost n139		
/k/	gemoeck n140 gemoek (2x) n141 gebrand- merck n140	ver- soeck n140		merk n139								
/p/									vrund- schapt n136			opt(3x) n139
/n/		ver- schyn n146				ontren n142					hedert n143	
/r/	geco- com- paig- neer n144				voor (te planten) n145						deert n142	

Die klein getal voorbeelde suggereer dat na 'n stemlose klank (frikatief sowel as eksplosief is hier verteenwoordig) /t/-verlies by wwe. sowel as nie-wwe. voorkom. Na 'n stem-hebbende klank is die gegewens nog kariger, maar waarskynlik is verlies eerder by wwe. as nie-wwe. aan te neem.

Tabel 5 toon 'n aantal vorme wat verteenwoordigend is van die /t/-verlies en -toevoeging in die "dag- of kladboekie" van Elizabeth Willemsdr. Cortenhoeff, soos geanaliseer deur Raidt¹⁴⁷.

Tabel 5: Die verlies en toevoeging van /t/ aan die wordeinde in die aantekeninge van Elizabeth Willemsdr. Cortenhoeff (geb. te Oudewater, later in Amsterdam woonagtig), uit die tydperk 1655 tot 1689.

	<u>Weglating</u>			<u>Toevoeging</u>		
	<u>V.dw.</u>	<u>Pres., 3e p.ekv.</u>	<u>S.nw./ Eienaam</u>	<u>Pres., 1e p.ekv.</u>	<u>Imp.</u>	<u>S.nw.</u>
/x/			nich(2x) Dordrech			
/f/	geleeff	heeff n150	bruilof gif de heere- graf hooff			graft (3x)
/s/	gewees				wast(lep) n148	
/k/	gemack (2x) gecoock gebruijck	mack n150				stuockt
/p/	gesgrap genoemp gedoop			hebt n148		schaept schaept- voetje
vok	getrou n151		do n149			
/r/	uitge- schil- der					

Die beeld van /t/-verlies wat ons hieruit kry, is een van verlies na 'n frikatief of eksplosief, by wwe. (v.dw. en pv.) en nie-wwe. (ofskoon net s.nwe.), maar na 'n stemhebbende klank eintlik net by v.dwe.

Tabel 6 toon vorme wat deur Raidt in die dagboekie van 'n Rotterdammer, Jan Wes, aangetref is¹⁵².

Tabel 6: Die verlies en toevoeging van /t/ aan die morfeemeinde in die dagboekie van Jan Wes, Rotterdam, vanaf 1748 tot 1795.

<u>Weglating</u>				<u>Toevoeging</u>		
<u>V.dw.</u>	<u>Pres., 3e p. ekv.</u>	<u>S.nw./ Eienaam</u>	<u>Byw.</u>	<u>S.nw./ Eienaam</u>	<u>B.nw./ Byw.</u>	<u>Ander</u>
/x/ 164	los(t)- gerog(h) (2x) bescha- dig (2x)		snags lugh		den haegt kruijgt n154	hoegt (2x) terugt (2x)
/f/		heef (4x) n155	Delf(2x) brul(n)f		halft graft	
/s/	gewees (2x)		mannefes (2x)	eers vas vasge- gaan	wast lost lostge- rogh	
/k/	gewerk					
/p/	gedoop (3x)			kapt n153		
Vok	ge- sneeu(w) (2x)					
/n/			soggens			

Wes apokopeer volgens Raidt dikwels die slot-/t/ by swak v.dwe.¹⁵⁶. Ook hier vind ons /t/-verlies na 'n frikatief of eksplosief, by wwe. (v.dw. en pv.) en nie-wwe., en na 'n stemhebbende klank (slegs vokalties) by die v.dw. duidelike gevalle - "min of meer dieselfde beeld"¹⁵⁷ as by Cortenhoeff.

Die voorbeelde in Tabel 7 is deur Opprel gebruik om die verlies en toevoeging van /t/ in Oud-Beierlands te demonstreer¹⁵⁸. (Die gegewens in tabelle 7 tot 9 berus op eie-tydse dialekwaarneming.)

Tabel 7: Die verlies en toevoeging van /t/ aan die morfeemeinde in Oud-Beierlands, volgens Opprel.

<u>Weglating</u>				<u>Toevoeging</u>		
<u>Pres.,</u> <u>3e p.</u> <u>ekv.</u>	<u>Imp.</u>	<u>S.nw.</u>	<u>B.nw./</u> <u>Byw.</u>	<u>Pres.,</u> <u>1e p.</u> <u>ekv.</u>	<u>S.nw.</u>	<u>B.nw./</u> <u>Byw.</u>
/x/	vraag	móg	buch n 159 buchie n159 dåg rech- bank lichie	dig dug duch lich zachies lich- faerdåg rech- deur		gənócht
/f/	geēf	hōpf- pijn		geēft	schel- lōft kraft n160 zeēft	
/s/	lees n161	kisjle kasjle rusdag	vas- plakke	past n161 lāest n161	gast roest kanst wast	
/k/	zoek			drek krek	brēekt n161	
/p/	roep tob nēēmp kōmp			stip	gēniept	
/m/					raamd (mv. raamda) n162	
/l/						enkəld dubbəld
/r/	hoor n161			hoort n161	kik- kərd kan- jərd	

Dit is opvallend dat Opprel nóg die moontlikheid van /t/-verlies by die v.d.w. noem, nóg voorbeelde gee om dit te illustreer. Origens vind ons na frikatiewe sowel as eks-plosiewe /t/-verlies, by die pv. van die ww. asook by nie-ww. Te oordeel na hierdie tabel, is /t/-verlies na 'n stem-hebbende klank onwaarskynlik.

Nog minder voorbeelde van /t/-verlies vind ons in Van Schothorst se beskrywing van die streektaal van die Noordwes-Veluwe¹⁶³, soos uiteengesit in Tabel 8 hieronder.

Tabel 8: Die verlies en toevoeging van /t/ aan die mor-feemeinde in die Noordwes-Veluwe, volgens voorbeelde van Van Schothorst.

	<u>Weglatiing</u>					<u>Toevoeging</u>		
	<u>Pres., 1e p. ekv.</u>	<u>Imp.</u>	<u>S.nw.</u>	<u>B.nw./ Byw.</u>	<u>Ander</u>	<u>S.nw.</u>	<u>B.nw./ Byw.</u>	<u>Ander</u>
/x/		máx	knexs	rexas	axstán	bgræxt		
/f/			hð.f- pín			kníft zð.ft kraft		
/s/			tes teks			kik- forst kánst harst waast		bi - kánst an- dæst lagæst
/k/				kreK				
/n/	fín bín		hánd- wín					
/l/							dobælt egkælt	
/r/						zuepært bedri- gært strð- pært kan- jært		

Ook Van Schothorst maak geen melding van slot-/t/-verlies by die v.d.w. nie. Al noem Van Schothorst /k/ as een van die klanke waarna apokopee dikwels voorkom¹⁶⁵ (/p/ word glad nie genoem nie, /s/ en /x/ wel), kan tog uit die voorbeelde wat vir verlies en toevoeging gegee word, afgelei word dat verlies hoofsaaklik na 'n frikatief plaasvind. Werklike verlies na 'n stemhebbende klank is origens ook moeilik aanwysbaar.

Die verlies van slot-/t/ in die dialek(-te) van Culemborg word deur Ausems uitvoerig beskryf¹⁶⁶. Die kombinasie van 'n aantal dialektiese eienaardighede gee volgens Ausems daartoe aanleiding "het land van Kuilenburg ... taalkundig te rekenen tot Utrecht"¹⁶⁷. Die voorbeelde waarmee die verlies van slot-/t/ in die dialek van Culemborg gedemonstreer word, word in Tabel 9 gegee.

Tabel 9: Die verlies en toevoeging van /t/ aan die waarde in die dialek van Culemborg

Geëlatig										Toevoeging		
V.d.w.	Pres., 3e p.ekw.	Pres., 2e p.ekw.	Pres., 1e p.ekw.	Imm.	S.nw.	S.nw.	Ander	Pres., 1e p.ekw.	S.nw.	S.nw.		
/x/	geleech geluuch jevuch gewuch gerauch gezuch ôpche- hoech	lâch leech			dôch kôch zôch	liech n168 170 such vech tôch n 168	dich			slâcht n169		
/f/	âfche- stôf geôf gedraaf geluuf n165 gestrâf gezeef ôfche- laef n 168		hef gif laef			brâilef grâf sonâf	bescheaf ômbu- schâf					
/s/	gevâs n168 gewes gewis	vân n168 kôs lees lus			wies (=siut)	geyn n168 ki(p)s kus lôch n168 pô hins	gerus		past n 169			
/k/	gemôk gekôk gerôk geslôk		buk (= boukt) kek (= kijkt) kôk (= kookt) kôk (= kok- halat) strek (= strijkt) zuk (= zoekt)				direk/ drek					
/p/	gedâp gehoop gerôp geschrôp gestrup lygezeep gehoep n176 ôpche- ruimp n 176 varuump n176	dâp lôp rôn (= roept) uchrôn (= schreapt)	kôp			heup n 176 reomp	vremp n 176			reomde n170		
Vak 178		slau (= slaat) n172 bleei (= bloedd) dâu (= duwt) hâu (= hoort) lâui (= lout) mâui (= maait) wâui (= waaft)					nle wâ (= a) tâ (= dat) dâ					
/v/	gejôgk n177 vermêgk n177 (=ver- mangd) n175	brengk jôg mêg				n175						
/m/		kâm kôm										
/n/		win vin brân zân (= bind) luon upân ôpin wân (= waent)	wân (= wind) boon	brân fin	stân vân					lân (= was- lijn)		
/l/		betwâl dwal gel tel hâl (= haalt) tweffâl	bel vel						haalt n171	dubbelt n173 egkelt		
/r/		hoor hinder hoor wôr	lôster		wier				hoort n169	meukert n173 rekkert zuipert		

In tabel 9 kan gesien word dat slot-/t/ na alle stemlose klanke kan wegval, en wel by die v.dw., die pv. en die nie-wwe. Na 'n stemhebbende klank verval die /t/ hoofsaaklik¹⁷⁹ by die pv., en dan ook na alle stemhebbende klanke. Die verlies wat ons hier aantref, kan óf dié van die stameinde wees, óf van die persoonsuitgang, ofskoon ons na 'n vokaliëse klank hoofsaaklik uitgangsverlies na 'n diftong vind. Ausems stel ekplisiet dat (behalwe die vorme onder "Ander" weergegee), "noch het nomen, noch het voltooid deelwoord de enkele slot-t onmiddellik na een korte of lange klinker of tweesklank (apocopeert)"¹⁸⁰.

Dit wil voorkom asof /t/-verlies in die dialek van Culemborg enersyds bepaal word deur 'n fonologiese faktor, nl. vooraafgaande stemlose klanke, en andersyds deur 'n nie-fonologiese faktor wat saamhang met die feit dat die slot-/t/-deel is van 'n pv.

1.4.4 Enkele tentatiewe gevolgtrekkings

Die hoeveelheid beskikbare gegewens verskil sterk van tabel tot tabel. Terwyl tabelle 2,3, en 9 ons 'n redelik duidelike beeld gee van die kontekste waarin /t/-verlies optree, is dit by tabelle 4 tot 8 allermens die geval. Gevolgtrekkings wat ook op die tweede groep berus, is uiteraard meer tentatief as dié wat uitsluitlik op die eerste groep berus. Gevolgtrekkings kan van 'n aantal tipes wees: hulle kan veralgemenend wees t.o.v. al die tabelle, individueel of gesamentlik; hulle kan tabelle uit 'n vroeër met dié uit 'n later tydperk kontrasteer; hulle kan tabelle uit een streek met dié uit 'n ander streek vergelyk.

In al die tabelle, afsonderlik gesien, is daar by nie-wwe. 'n duidelike aanwysing op 'n verlies na 'n stemlose frikatief.

As die aantal "types" in elke tabel getel en die gegewens van al die tabelle verenig word, word Tabel 10 as resultaat verkry. Tabel 10 stel ons in staat om sekere algemene gevolgtrekkings te maak.

Tabel 10: Kombinatie van "types" uit tabelle 1 tot 9 afzonderlik

	Weglating							Toevoeging						
	V.dw.	Pv. pres.	Imp.	S.nw./ eie- naam	B.nw./ byw.	Ander	Tot.	Pv. pres.	Imp.	S.nw./ eie- naam	B.nw./ byw.	Ander	Tot.	Tot.
/x/	19	7	11	36	10	3	86	1	5	11	11	7	35	121
/f/	10	12	-	18	3	-	43	-	2	14	1	-	17	60
/s/	11	5	1	25	9	-	51	4	1	10	2	3	20	71
/k/	13	13	-	2	4	-	32	1	-	4	-	-	5	37
/p/	16	15	-	2	2	-	35	2	2	7	-	1	12	47
Tot.	69	52	12	83	28	3	247	8	10	46	14	11	89	336
Vak.	3	14	3	1	-	3	24	-	-	1	-	-	1	25
/g/	2	4	1	-	-	-	7	-	1	-	-	-	1	8
/m/	-	2	-	-	-	-	2	-	3	3	-	-	6	8
/n/	2	18	2	6	1	5	34	1	1	2	4	-	8	42
/l/	3	11	2	2	3	-	21	2	-	1	5	-	8	29
/r/	10	6	2	1	2	3	24	1	-	14	3	1	19	43
Tot.	20	55	10	10	6	11	112	4	5	21	12	1	43	155
Tot.	89	107	22	93	34	14	359	12	15	67	26	12	132	491

Wat betref die rol van die voorafgaande klank by verlies en toevoeging, kry ons uit tabel 10 die volgende beeld:

- (i) meer verlies en toevoeging na stemlose as na stemhebbende klank;
- (ii) meer verlies en toevoeging na stemlose frikatief as eksplosief;
- (iii) die meeste verlies en toevoeging na /x/, die minste na /k/, by die stemlose klanke (Dit lyk dus asof wyse, eerder as plek van artikulasie 'n faktor kan wees);
- (iv) na stemhebbende klanke soos /n/ en /r/ ongeveer net soveel verlies en toevoeging as na /k/ en /p/.

Op die oog af lyk dit asof daar 'n redelike korrelasie is tussen weglating en toevoeging by die nie-ww. as groep.

By 'n globale regionale tweedeling - Utrecht en omgewing (tabel 1), die Noordwes-Veluwe (tabel 8) en Culemborg (tabel 9) teenoor die Suid-Hollandse stede en omgewing (tabel 2), die teks van Jan Wes van Rotterdam (tabel 6) en Oud-Beierlands (tabel 7) - is geen duidelike kontras waarneembaar nie.

Ons kyk vervolgens meer spesifiek na die v.dw.

As die verskillende tabelle met mekaar vergelyk word, blyk dit (i) dat daar in enkele gevalle geen (altans gekonstateerde) afval van die uitgang van die v.dw. is nie (vgl. tabelle 7 en 8 - Oud-Beierlands en die Noordwes-Veluwe, onderskeidelik), of (ii) afval slegs na 'n stemlose frikatief, of (iii) na stemlose frikatief en eksplosief, of (iv) na stemlose ewel as stemhebbende klanke.

In tabel 1 (vroeg gegewens i.v.m. die stad Utrecht en omgewing) is daar slegs voorbeelde van verlies na /x/ en /s/: lg. die v.dw. ghemets. Die laaste geval behels die vereenvoudiging van 'n konsonantgroep; die tipe ghebeesdich berus moontlik op versprying eerder as verlies van die uitgang.

Voorbeelde van tekste met /t/-verlies na frikatiewe en eksplosiewe, met baie min aanduiding van verlies na 'n stemhebbende klank, is dié van Cortenboeff (tabel 5) en Jan Wes (Rotterdam) (tabel 6). Van lg. de Pajdt dat hy "soos

Elizabeth Cortenhoeff ... dikwels die slot-t by swak volt. deelwoorde (apokopeer)"¹⁸¹. Die dialek van Culemborg, soos weergegee in tabel 9, het duidelike gevalle van /t/-verlies na alle stemlose klank; daarteenoor, merk Ausems op: "Noch naamwoord, noch voltooid deelwoord apocopeert de slot-t na liquidae en nasalen"¹⁸². Geen voorbeelde van /t/-verlies na 'n vokaal word gegee nie.

In die Suid-Hollandse stede en hulle omgewing (tydperk voor 1700, vgl. tabel 2) en die joernaal van Van den Broecke (tabel 3) kom verlies van die /t/-uitgang ook na stemhebbende konsonante voor.

In die Bataviase Dagb-Register (tabel 4) is die voorbeelde van v.dwe. te min om tot enige gevolgtrekking te kom.

1.5 SINTAKTIESE FUNKSIE

Die sintaktiese funksie van die v.dw. bou uiteraard ook voort op die situasie in 17e-eeuse Ndl. Daarbenewens is dit egter opvallend dat sekere sintaktiese ontwikkelings in Afr. ooreenkomste vertoon met neigings wat reeds veel vroeër in 'n ander gedaante bestaan het, en wat grotendeels verband hou met die verhouding "werkwoordelik"/"byvoeglik" by die v.dw. In mod. Afr. is die sintaktiese konteks van die b.v.dw. medebepalend vir sy vorm.

Ons kyk vervolgens na die vernaamste sintaktiese funksies van die v.dw. in die geskiedenis (par. 1.5.1), die teenstelling "werkwoordelik"/"byvoeglik", wat die vernaamste klassifikasie is wat in hierdie studie gevolg word (par. 1.5.2), die verskillende kontekste waarin die b.v.dw. in Ndl. en Afr. kan voorkom (par. 1.5.3) en (kortliks) na sintaktiese funksie as faktor in defleksie (par. 1.5.4).

1.5.1 Sintaktiese funksies

Volgens Hirt is ons huidige partisipia (vgl. Dts. geliebt, gefunden) van oorsprong gewone adjektiewe wat van die werkwoordstam ("Verbalstamm") en nie van die tydsaanduidende stam ("Tempusstamm") nie, afgelei is. Hy noem hulle dan ook "Ver-

baladjektive" en lê telkens klem daarop dat hulle meer as adjektiewe dan as vorme van die werkwoord beskou moet word¹⁸³. Waar die IE partisipia in Gm. verlore gaan, neem die "Verbaladjektive" met verloop van tyd baie partisipiale eienskappe aan, o.m. deelname aan tempus en genus¹⁸⁴. Die deelwoorde waarvan hieronder sprake is, is slegs dié wat histories as "Verbaladjektive" bekend staan.

Volt. en onvolt. dwe. is nie van die begin af onderskeidelik passief en aktief nie; hierdie verdeling ontwikkel eers veel later, sodat die v.dw. hoofsaaklik passief gebruik word¹⁸⁵. Paul wys daarop dat dit vroeg reeds raai geword het dat die v.dw. van oorganklike wwe. passief, en van onoorganklike wwe. aktief is¹⁸⁶. Alhoewel hierdie skeiding na Oergm. teruggevoer kan word, het dit eers later vas geword.

Die verlede is in Oergm. uitgedruk deur middel van die historiese prerens, wat geleidelik in 'n swak preteritum omskep is; 'n sterk preteritum ontstaan uit die aoristus en perfektum¹⁸⁷. Die tyd wat deur die v.dw. uitgedruk word, daarenteen, is in ooreenstemming met die tyd wat deur die finite ww. aangegee word¹⁸⁸.

Die oorgelewerde deponensiale passief en 'n Got. passief in die presens, bly in Gm. nie voortbestaan nie; hierteenoor begin Got. en Wesgm. toenemend van 'n omkrewe passief gebruik maak¹⁸⁹.

Die v.dw. behou die moontlikheid tot adjektiewiese interpretasie tot in Afr., afskoon minder in Afr. as bv. in mod. Ndl.¹⁹⁰. In die Mnl. periode begin dit egter duidelik word dat v.dw. + 'n vorm van hebben ook geïnterpreteer kan word as 'n omskrywende verledetydsaanduiding - eers in gevalle waar dit die v.dw. van 'n perfektiewe ww. is, maar later ook by ander wwe.

Terwyl dié analitiese uitdrukking van die verlede tyd in mod. Ndl. nog met die pret. (of imp.) meeding¹⁹¹, het dit in Afr., die suid-Duitse dialekte en Jiddisj die oorhand daaroor gekry¹⁹². Die geleidelike inname van die toepassingsgebied van die imp. deur v.dw. + het in Afr., is uitvoerig deur Loubser nagegaan¹⁹³.

1.5.2 Die teenstelling "werkwoordelik"/"byvoeglik"

Die moontlikheid om twee interpretasies aan die v.dw. te heg - 'n "byvoeglike" (adjektiwiese) en 'n "werkwoordelike" (verbale) - moet al baie oud wees¹⁹⁴. In Daer worden hare verstijt de hande, kan worden ingressief en verstijt byvoeglik wees (= het styf geword), of kan worden ... verstijt in sy geheel as ingressief geïnterpreteer word (= het verstyf), vlg. Stoett¹⁹⁵. 'n S'n soos Denijs wart inc ende here vercoren, waar Stoett vercoren as bepaling van gesteldheid interpreteer¹⁹⁶, kan ook maklik as 'n passief beskou word. Dubbelsinnigheid tree by sinne soos ik hebbe hem gevangen in sodra hebbe nie meer as "hou" geïnterpreteer word nie¹⁹⁷.

In mod. Ndl. vind disambiguering in onderskikkende bysinne plaas deurdat hebben/zijn + v.dw. - in dié volgorde - werkwoordelik geïnterpreteer word; hierteenoor is v.dw. + hebben/zijn 'n ongemarkeerde volgorde met 'n byvoeglike of werkwoordelike interpretasie.

In mod. Afr. word v.dw. + hê/wees (i.p.v. het/is/was) as byvoeglik geïnterpreteer, d.w.s. hê en wees - die laaste oorblywende infinitiefvorme met 'n infinitieffunksie in Afr. - het al hoe meer uitsluitlik koppelwwe. begin word¹⁹⁸. Vgl. bv. om die huis gebou te hê, met om die huis te gebou het. Die ww.-groep v.dw. + het, met die verdere kenmerk dat een van die v.dwe. wat in die ww.-groep aanwesig moet wees, het onmiddellik moet voorafgaan, is gewoonlik werkwoordelik, ofskoon dit soms byvoeglik optree¹⁹⁹. Ongemarkeerd (en dus potensieel dubbelsinnig) is veral v.dw. + is/was.

Die feit dat Afr. v.dwe. wat werkwoordelik gebruik word byna almal verpligtend reëlmatig is, in teenstelling met die onreëlmatigheid van baie v.dwe. in byvoeglike gebruik, word later uitvoerig bespreek.

Dit wil voorkom asof daar in bg. gevalle 'n tendens te bespeur is: om die v.dw. as byvoeglik te markeer, word van gefossileerde morfologiese vorme gebruik gemaak, vgl. die vorm self van party Afr. v.dwe. (bv. gebroke) en gefossileerde infinitiewe hê en wees. By die verbale markering, daarenteen, word van 'n moderner middel, nl. woordorde, gebruik gemaak,

vgl. in Ndl. die volgorde hebben/zijn + v.dw. en in Afr. die onafskeidelikheid van v.dw. en het.

In groot dele van Nederland neig die /xə/-voorvoegsel van v.dwe. om tot /ə/ gereduseer te word en selfs te verdwyn. In sekere dialekte²⁰⁰, vind ons die /ə/(t.o./xə/) juis by v.dwe. in werkwoordelike interpretasie. Hier gaan die werkwoordelike interpretasie dus gepaard met die (gedeeltelike of algehele) verval van 'n uitgang.

Dit is opvallend dat nǃg in Ndl. (van die vroegste tye af), nǃg in Afr. die ongemarkeerde v.dw. ooit ontbreek het: dubbelsinnige konstruksies, waar die v.dw. òf werkwoordelik, òf byvoeglik kan wees, was en is veral by perfektiewe wwe. steeds moontlik. Dit kan m.i. verklaar word deur aan te neem dat daar 'n semantiese kontinuum bestaan met ener syds "handeling" en andersyds die resultaat daarvan, as 'n toestand gesien, as pole wat mekaar impliseer. "Handeling" of "toestand" is bloot twee oopspunte van waaruit na dieselfde werklikheid gekyk kan word²⁰¹. Hierdie gedagte word verder uitgewerk in par. 4.2.3.2.3 hieronder.

Die mutatiewe wwe. neem 'n spesiale plek in hyst. ontwikkelinge in, en aangesien hulle in hoofstuk 4 ter sprake kom, word hulle nou reeds in samehang met die ontwikkeling van die onderskeid byvoeglik/werkwoordelik behandel. Hulle is in die meeste gevalle onoorganklik, sodat geen passiewe in die mutatiewe betekenis gevorm word nie²⁰². Deurdat hulle egter beweging of 'n verandering in toestand aandui, suggereer hulle in verlede tydsverband ook eindpunte of -toestande, en benader hulle op dié manier semanties die perfektiewe wwe. in byvoeglike funksie²⁰³. Die byvoeglike funksie dui nl. ook op die bereiking van 'n toestand, en maak die sin tipies oorganklik. Hierdie semantiese raakpunt tussen perfektiewe en mutatiewe wwe. het 'n korrelaat op die formele vlak: die konstruksie "v.dw. + ('n vorm van) zijn". Maar omdat die semantiese grense tussen mutatief en nie-mutatief nie skerp deur die leksikon getrek kan word nie (en 'n bepaalde leksikale item soms meer, soms minder mutatief gebruik word), moet die gebruiker van Ndl. ook van 'n gegewe ww. wéét of dit 'n zijn-ww. of 'n hebben-ww. is, en of dit albei kan wees.

'n Belangrike verskil tussen Het is gebroken (byv.) en Het is gevallen is egter daarin geleë dat het as voorwerp van 'n breken-handeling maar as onderwerp van 'n vallen-handeling geïnterpreteer sou word, m.a.w. e.g. is grammaties aan 'n passiewe, die tweede aan 'n aktiewe sin verwant. Dit is nou juis hierdie formele onderskeid tussen aktiewe en passiewe sinsrelasie wat in die Afr. ontwikkeling van die ww.-groep op die voorgrond tree. Deurdat mutatiwe wwe. in Afr. in alle opsigte soos aktiewe wwe. begin optree en hulle v.dw. ook nie meer is/wees/was neem nie²⁰⁴, word die leksikon vereenvoudig (d.w.s. die keuse tussen het, ens., en is, ens., word suiwer deur grammatikareëls bepaal), maar word 'n formele skeidslyn aan die semantiese veld van "toestand wat die gevolg/eindpunt is van handeling" opgedring. Ons kan vervolgens verwag - en vind ook inderdaad - dat middele gevind sal word om dié breuk te heel. In 'n sin soos "Toe hy opstaan, het die skip verdwyn", vind ons bv. dat mutatiwe v.dw. + het slegs geïnterpreteer kan word as die resultaat/gevolg in die hede van 'n gebeurtenis in die verlede. Die ontstaan van so 'n interpretasiemoontlikheid by wat gewoonlik 'n suiwer werkwoordelike konstruksie is, is heeltemal in lyn met die gedagte van 'n semantiese kontinuum, wat hoërop uiteengesit is.

Die formele onderskeid word verder vergroot deurdat het (behalwe met gehad, geskape) slegs met geregulariseerde v.dwe. kombineer. Dit lewer die vlg. asimmetriese paradigma²⁰⁵:

attributief

gebroke X
verdwene skip

predikatief

X is gebroke
skip het verdwyn

Daar is dus 'n morfologies-sintaktiese wig ingedryf tussen die b.v.dwe. van mutatiwe en perfektiewe wwe. - ons kry angewenste oordifferensiasie.

Samevattend kan gesê word dat dit wil voorkom asof die geskiedenis van die v.dw. in die teken staan van 'n toenadering tussen die byvoeglike en die werkwoordelike en die ontwikkeling van strategieë om die twee dan weer uitmekaar te hou.

1.5.3 Kontekste²⁰⁶ van die b.v.dw. in Ndl. en Afr.

Die konteksbeskrywing wat hieronder gegee word en waarna veral in hoofstukke 4-6 verwys sal word, is suiwer tradisioneel klassifikatories van aard; teorieë oor die verwantskap tussen sommige van die kontekste kom in hoofstukke 3 en 4 aan die orde. Ook woorde wat skaars nog v.dwe. genoem kan word, bv. s.nwe. soos ingesetene, word by die klassifikasie betrek; hulle staan aan die uiteinde van 'n deurlopende skaal van afnemende werkwoordelikheid.

A. Met koppelww. of hoofww.

Konteks 1: Die konteks van die b.v.dw. is (nie noodwendig in presies hierdie volgorde nie): NS + koppe²⁰⁷ wees en sy vorme) + —, bv. Sy skuld is afgeskryf s. 1. 1d wat afgeskryf is. Gevalle met duidelike ellips van die koppelww. word ook hierby ingesluit.

In hierdie konteks is sintaktiese homonimie - wat hieronder aan die orde kom - moontlik; is/was kan nl. passiewe hulpww. wees (en die v.dw. 'n ww.v.dw.). Van albei tipes moet verder nog onderskei word die b.v.dw. wat dermate sy verband met sy ww.-stam verloor het dat hy as (departisiële) b.nw. beskou moet word. In die ekserpeerwerk wat vir hoofstukke 4-6 gedoen is, is die v.dw. in elke geval op grond van die onmiddellike en (indien nodig) wyer konteks geklassifiseer as "ww.v.dw.", "b.v. dw." of "dubbelsinnig"; dit is onvermydelik dat die klassifikasie in 'n mate subjektief sal wees. (Dit geld ook die keuse tussen b.v.dw. en b.nw.). In al die volgende kontekste is die v.dw. per definisie byvoeglik (waaronder vir die doel van hierdie studie ook bywoordelik en nominaal - d.w.s. gebruik as s.nw., in afleidings - verstaan moet word) en word dit ook vir die doel van die analyses as sodanig beskou, al is daar gevalle waar dit die "suiwer werkwoordelike" gebruik soms dig benader (waaroor hieronder meer).

'n Duidelike beskrywing van die meerduidigheid vind ons (vir Ndl.) by Kraak en Klooster²⁰⁷. Hulle onderskei²⁰⁸ tussen

1. deelwoorden : Wanneer is het zwembad gesloten (geworden)?
2. deverbatieve adjectieven : Wanneer is het zwembad gesloten (= dicht)? en
3. echte adjectiva : Wanneer is een jongen gesloten?²⁰⁹

In 'n gegewe teks is disambiguering nie altyd moontlik nie; dit is uiteindelik nodig (en veral 'n probleem by historiese tekste) om te weet of die persoon wat genoodzaakt skryf, ooit noodzaken as ww. gebruik. By gevalle wat uiters moeilik disambiguer en waar 'n keuse tussen die een of die ander interpretasie so goed as geen kommunikatiewe verskil teweegbring nie, is dit 'n vraag van teoretiese belang of we gedisambiguer moet word - is daar inderwaarheid in Afr. en Ndl. 'n grammatiese grens tussen ww.v.dw. + hulpww. en b.v.dw. + koppelww.? Kraak en Klooster praat inderdaad van 'n "interpretatiewe verschil"²¹⁰. Hierdie kwessie kom in par. 4.2.3.2.3 hieronder aan die orde.

Konteks 2:

Om praktiese redes kan as 'n aparte konstruksie, maar tog nou verwant aan bost., onderskei word: v.dw. + ander koppelwwe. as wees, bv. lyk, raak, skyn/blyk (te wees)²¹¹, word en bly²¹². Vgl.: Sy skuld blyk afgeskryf te wees. Die dubbelsinnigheid m.b.t. ww.v.dw. en b.v.dw. wat ons by wees-vorme aantref, tree hier oor die algemeen nie op nie. Word (ook werd in die ouer tekste waar dit voorkom), skep egter 'n probleem: in mod. Afr. word die v.dw., indien nie vormlik as nie-ww. gemarkeer nie, saam met word as werkwoordelik (d.w.s. passief) geïnterpreteer, sodat dit as koppelww. 'n uiters beperkte rol speel²¹³. In ouer tekste kom daar gevalle voor waar word wel as koppelww. geïnterpreteer kan word.

In mod. Afr. tree raak soms ook as pass. hulpww. op; dit is nie duidelik wanneer hierdie gebruik ontstaan het nie (vgl. Oopas, jy sal gekiet raak!).

Konteks 3:

Die b.v.dw. tree soms as "bepaling van gesteldheid" op. Die hoofsaake kan vir ons doel kortliks uit Van den Toorn saamgevat word. Hy onderskei²¹⁴ tussen

(i) - ons kan dit konteks 3a noem - die "predikatiewe toevoeging" (ook "bepaling van gesteldheid tijdens de handeling"), soos opgewarmd in Opgewarmd werd het eten rondgediend, wat "in wezen een predikaat (vormt) naast het gezegde van de pv." (t.o. snel as bywoordelike bepaling in Snel liep hij weg²¹⁵) en

(ii) - konteks 3b - die "resultatiewe werkwoordsbepaling" (ook "bepaling van gesteldheid tengevolge van de handeling"), synde "een gevolg of resultaat van de door het gezegde uitgedrukte handeling" - vgl. groen in Hij verfde het hek groen.

Lg. impliseer: Het hek werd groen. Van den Toorn wys ook daarop dat die verbinding van die b.nw. met die hoofww. so heg kan wees dat lg. 'n ander betekenis aanneem: Hij maakte de tafel, t.o. Hij maakte de tafel kapot; kapot kan hier komplement van maken genoem word. Afr. voorbeelde is, by (i): Hy kom die kamer ontsteld binne, en by (ii): Die la-waai het hom ontsteld gemaak.

B. In voor- of nabepaling by die s.nw., d.w.s. as kern van 'n v.dw.-groep wat voor- of nabepaling is by (of binne) 'n NS²¹⁶. In die kontekste wat hieronder beskryf word, word die v.dw. altyd sogenaamd byvoeglik gebruik, ofskoon die gebruik m.i. dikwels as suiwer werkwoordelik beskou moet word: in die verduurde pyn staan verduurde in presies dieselfde verhouding tot pyn as die passiewe dw. verduur tot pyn in Die verskriklike pyn is drie maande lank deur hom verduur. Soms is die grens tussen b.v.dw. en ww.v.dw. egter in die prenominaale tipe moeiliker te trek as postnominaal, o.m. as gevolg van die tipiese afwesigheid van verdere kontekstuele leidrade in die prenominaale konteks. Om hierdie rede word ook gevalle wat duidelik werkwoordelik is tog nog as b.v.dw. (voor- of nabepaling) by die ondersoek betrek.

Sommige van die kontekstipes wat hieronder behandel word, behoort nóg in Nul., nóg in Afr. tot die alledaagse spreektaal. Party van hulle is egter van belang vir die ontwikkeling van Afr., aangesien die vorm van veral die sterk b.v. dw. in mod. Afr. waarskynlik in 'n hoër mate deur die geskrewe taal bestendig is²¹⁷.

Konteks 4:

In die nabepaling (dus postnominaal)

Konteks 4a:

As kern van onuitgebreide deelwoordelike nabepaling. 'n Voorbeeld is: die soldaat, gewond; hierdie tipe is egter skaars en meestal nnaanvaarbaar. Volgens Van der Lubbe kom 'n dw. sonder meer, selde voor²¹⁸. Van Es wys i.v.m. gewone b.nwe. ook hierop: "Achterplaatsing van de adjectivische bepaling is in tegenwoordig gestileerd Nederlands alleen mogelijk, wanneer die bepaling is uitgebouwd: Er liepen twee mannen, even groot ...". Adjektiwiese bepaling en substantief word in sulke gevalle deur "een lichte pauze" geskei; skeiding is ook moontlik deur ander sinelemente²¹⁹.

Konteks 4b:

As kern van uitgebreide deelwoordelike nabepaling. Die b.v.dw. kombineer met verskillende soorte bywoorde of "oordeelapartikels", voorsetselstukke of albei, vgl. die soldaat, swaar gewond in die nek. Veral tussen b.v.dw. en voorsetselgroep is daar dikwels volgordevryheid.

De Voors merk van 'n geval soos ... ruiten, achter ijzeren tralies verborgen op dat die v.dw.-konstruksie "enigszins het karakter van een bijzin" aanneem, en stel dat "invloed van het Latijn ... onmiskenbaar (is)", met name via die oorkondetaal en stigtelike prosa²²⁰.

De Villiers praat in hierdie verband van apposisionele tipes; hulle is van dieselfde aard as bystellings, waarvan hy sê dat by omsetting in stelling "die leemte van 'n werkwoord deur is of was gevul kan word"²²¹. Vir die doel hiervan word

konteks 4b beperk tot gereduseerde betreklike bysinne, wat dus in alle gevalle deur middel van wat ... is/was, ens., tot volledige bysinne uitgebrei moet kan word sonder dat hulle 'n ander funksie in die sin kry.

Ons kan onderskei tussen konteks 4bi, waar die b.v.dw. deur 'n bywoord aangevul word, bv. swaar gewond, en konteks 4bii, waar die aanvulling ten minste 'n voorsetsgroep bevat, bv. swaar gewond in die nek.

Konteks 4c is 'n uitgebreide bystelling wat sy antesedent in die hoofsin het (ofskoon dit soms op die bystelling volg) en wat antwoord moet kan wees op "hoe" en dus 'n soort bywoordelike funksie het. Die onderstreepte gedeelte in "Columbus het teruggekeer, volkome oortuig daarvan dat hy Indië gevind het" van De Villiers is 'n voorbeeld van hierdie tipe; hy beskryf voorbeelde soos hierdie as "tipies van geskrewe taal, eerder as van gewone geselstaal"²²².

Konteks 4d is maklik identifiseerbaar; inhoudelik funksioneer dit meestal as beskrywing van (die voorkoms van) 'n persoon of ander entiteit, wat grammaties slegs onregstreekse antesedent van die b.v.dw. is, bv. in Piet, (met) sy hare gekam, heur teen die wind.

Konteks 5: In die voorbepaling (dus prenominaal)

Konteks 5a:

As kern van onuitgebreide deelwoordelike voorbepaling, bv. die gewonde soldate. In prenominaal gebruik is die v.dw. vgl. Den Hertog 'n bietjie minder werkwoordelik as in predikatiewe gebruik; 'n dubbelsinnige sin soos Deze melk is gekookt wil hy (byvoeglik) disambiguer d.m.v. Dit is gekookte melk²²³. Vgl. in Mnl.: bi den ghegledenen mure.

Konteks 5b:

As kern van uitgebreide deelwoordelike voorbepaling. Ook wanneer die v.dw.-groep voorbepaling is, kan dit met verskillende soorte bywoorde, voorsetsgroepe en voegwoord-

groepe uitgebrei word, bv. die swaar gewonde soldaat.

Ons kan hier onderskei tussen konteks 5bi - aanvulling met slegs 'n bywoord - en konteks 5bii - aanvulling met ten minste 'n voorsetselgroep. Die volgorde binne die v.dw.-groep is prenominaal vaster as postnominaal; hierdie verskil in volgordevryheid dui vir Van Es - t.a.v. die adj.-groep - op die "sterk synthetische karakter" van die attributiewe voorbepaling²²⁴.

Wat betref hierdie kontekstipe is daar beslis groter beperkings op Afr. as op Ndl.; so is die orals gewonde soldaat of die in die nek gewonde soldaat - waar ons met 'n byw. van plek en 'n voors.-groep te make het - bv. skaars aanvaarbaar in mod. Afr.

In die Ndl. skryftaal - anders as Afr. - kom prenominaal selfs langer v.dw.-groepe as hierdie voor²²⁵; volgens Van Es kan die dw.-groep in die "gestileerde taal" beknopte bysinne inkorporeer²²⁶.

C. Ander kontekste

Konteks 6:

As die semantiese verhouding van die v.dw.(-groep) tot die s.nw. ietwat gekompliseerder is, soos in "Aangekomen om 5 uur, vertrokken we weer zo spoedig mogelijk" ..., praat Van Es²²⁷ van 'n "participium conjunctum"; we is in dié geval nog (semanties) onderwerp van die v.dw., maar die sintaktiese verband is - soos hier o.a. blyk uit die feit dat die v.dw.-groep die potensieële onderwerp voorafgaan - veel losser as in die geval van konteks 4c hierbo.

Konteks 7:

As die v.dw.-groep as heeltemal selfstandige deel van die sin optree, soos in "Alles bijeengenomen, lijkt me de bewijsoverring toch aan de zwakke kant", kan gepraat word van 'n "absolute deelwoordgroep"²²⁸. Absolute konstruksies, wat vlg. De Voors "tot letterkundige taal beperkt" is, het o.m. die volgende kenmerke: hulle vervul die rol van adverbiale be-

paling t.o.v. die hele sin en hulle subjek is nie dieselfde as dié van die res van die sin nie²²⁹. Vlg. De Vooy's het tipes soos die volgende ingeburger geraak: Alles in aanmerking genomen ...; Op de keper beschouwd ...; Strikt genomen....; Gezien de situatie Hulle kon verstaan tot samestellings, o.m. onverrichter zake, of aanleiding gee tot die vorming van voegwoorde (bv. aangezien) en voorsetsele (bv. uitgezonderd)²³⁰ - vgl. hieronder.

Konteks 8:

As voor- of agtersetsel vind ons in Afr. (soms met volgordevryheid) gevalle soos dié werk inbegrepe en uitgeslote dié werk. Den Hertog praat ook hier van absolute dwa.: mijn broer uitgezonderd, ongeacht de tijd, 20 jr. geleden²³¹. Vergelykbaar hiermee is m i. die tipe afgesien van, waar v.dw. + voors. tesame ongeveer soos 'n voorsetsel optree. Ons kan onderskei tussen konteks 8a - met voorsetsel (-uitdrukking) - en konteks 8b - met agtersetsel.

Konteks 9:

In onverpoosd werken, onverdiend lijden het die b.v.dw. (as dit so genoem kan word) die funksie van bywoord²³².

Konteks 10:

Die b.v.dw. vorm ook die kern van 'n s.nw., met meervoudsfleksie en 'n uitbreiding van die v.dw.-fleksie waar nodig; ons vind ook afleidings met on- en -heid²³³. Den Hertog onderskei hier tussen twee semanties omskrewe groepe: dié wat dan ook het neem, bv. het verhevene, gewenste, gevraagde, beloofde, bepaalde, ens., en dié (wat persone aandui wat die uitgedrukte eienskap besit) met de of een as lidwoord (en waarvan sommige nie in die ekv. kan voorkom nie), bv. gehuwden, aangeklaagden, veroordeelden, gevangenen, belegerden, teleurgestelden, ens.²³⁴.

Konteks 11:

Die b.v.dw. funksioneer as voegwoord, bv. aangezien.

1.5.4 Sintaktiese funksie as faktor in defleksie

Sintaktiese funksie as faktor in defleksie kom in hoofstukke 4-6 ter aprake wat Afr. betref. Hier word egter net kortliks daarop gewys dat sintaktiese funksie ook al in vroeëre vorme van Gm. defleksie kon bevorder of vertraag.

Stoett wys daarop dat die v.dw. van sterk wwe. in Mnl. attributief (adjektiwies) verboë voorgekom het, bv. in hi den ghegledenen mure²³⁵. Dit beteken dus dat die adjektiwiese uitgang éérs in predikatiewe, daarna in attributiewe posisie verdwyn het. Vandag is die attributiewe en predikatiewe vorme by die sterk wwe. gelykgeskakel, maar kry ons 'n herhaling van dié toestand by die v.dwe. van swak wwe.: gemerkte x, t.o. x is gemerkt.

In Oud-Noors is die v.dw. by vorme van vera(= wees) in ooreenstemming met die sinsonderwerp verbuig (vgl. ek en koming); met vorme van hafa(= hê) word die v.dw. beperk tot die neutrum ekv.²³⁶. Dit suggereer dat v.dw. + hafa v.dw. + vera vóór was op die pad na suiwer verbale gebruik.

1.6 SLOT

In hierdie hoofstuk, wat veral gedien het as inleiding tot die struktuur en metode van die res van die studie, is o.m. ook dieper ingegaan op die vorm van die v.dw. in Ndl., die verskynsel van slot-/t/-verlies, wat die duidelikste voorbeeld is van 'n tendens (o.m. by die v.dw.) wat reeds in Ndl. bestaan het en aan die Kaap voortgesit en verder gevoer is, die onderskeid tussen "werkwoordelik" en "byvoeglik", wat vir die hoofstukindeling wat gevolg word van wesenlike belang is en die sintaktiese kontekste van die b.v.dw., wat 'n belangrike rol speel in hoofstukke 4-6.

Note by hoofstuk 1

1. Ook bekend as "verlede deelwoord" en "passiewe deelwoord"; in hierdie studie word geen onderskeid getref nie.
2. Vgl. hiervoor die artikel "Die volgorde van verbonde verbale vorme" in Scholtz (1963), bl. 162-8.
3. Aangesien die voorsetseel nie 'n essensiële deel van alle v.dwe. is nie, gaan dit hier uiteraard om die v.dw. as samestelling (kompositum). Samestellings word ook gevorm met bywoorde en s.nwe.
4. Van Loey (1959), bl. 108-9.
5. Ibid., bl. 109; vgl. ook Opm. 2 aldaar.
6. Ibid., bl. 160.
7. Ibid., bl. 249.
8. Franck (1910), bl. 111.
9. Van Loey (1959), bl. 160-1.
10. Ibid., bl. 249.
11. Ibid.
12. Ibid., bl. 115, 161 en 249.
13. Ibid., bl. 116.
14. Ge- funksioneer dan as 'n soort "dummy"-sillabe.
15. Franck (1910), bl. 107.
16. Weijnen (1958), bl. 208.
17. Hutterer (1975), bl. 299.
18. Vgl. bv. Van Haeringen (1962c) en Van Loey (1959), bl. 162-3.
19. Vgl. Hauptfleisch (1953), bl. 7. Vgl. ook Van Loey (1959), bl. 161 en Franck (1910), bl. 23, vir dieselfde tipe, en Stoett (1923), bl. 205v., vir ge- oor die algemeen.
20. Van Loey (1959), bl. 247.
21. Ibid., bl. 248.
22. Ibid., bl. 250.
23. Ibid., bl. 226.
24. Ibid., bl. 227-8.
25. V.dwe. van die preterito-presensia, wat nie in Afr. 'n belangrike rol speel nie, word veronagaaam.
26. Fonologiese beskrywing hier en elders in terme van die distinktiwe kenmerke aangeneem in Wissing (1971), o.m. hfst. 2.
27. Die aanwesigheid van die nulteken ("Ø") dui in hierdie par. daarop dat die sonorantsuffiks as sillabekern optree.
28. Vgl. Le Roux en Le Roux (1975), bl. 36.
29. 'n Leerwoord, vgl. Van Loey (1959), bl. 100.
30. Ibid., bl. 4, 29 en 113.
31. Ibid., bl. 100.
32. Boer (1918), bl. 18, en Hirt (1932), bl. 190-1.
33. Vir die /n/, vgl. die volgende sub-par.
34. Weijnen (1970), bl. 56.
35. Van Haeringen (1962e).
36. Boer (1918), bl. 252-3.
37. Van Loey (1959), bl. 113.
38. Hirt (1932), bl. 189.
39. Boer (1918), bl. 261. Vgl. vir die 4e klas Ibid., saak Wright (1968), bl. 160.

40. Weijnen (1960), bl. 39.
41. Franck (1910), bl. 135-6.
42. Van Loey (1959), bl. 160.
43. Hirt (1932), bl. 189.
44. Ibid.
45. Weijnen (1970), bl. 57.
46. Vlg. Weijnen het Noord-Hollands die /n/ o.m. in die v.dw. van die sterk ww. behou, vgl. Weijen (1958), bl. 199.
47. Van Loey (1959), bl. 114-5.
48. Van Loey (1959), bl. 159.
49. Hirt (1932), bl. 189.
50. Ibid.
51. Van Loey (1959), bl. 149-50.
52. Vgl. ook Stoett (1923), bl. 86.
53. Die aan- of afwesigheid van slot-n in 'n onbeklemtoonde sillabe word hieronder verwaarloos.
54. Vgl. De Vooy (1957), bl. 62.
55. Ibid., bl. 64-5.
56. Bilderdijk (1826), bl. 128.
57. Royen (1953III,2), bl. 81.
58. Vgl. Zwaan (1939), bl. 252v., soos bespreek deur Royen (1952III,1), bl. 73.
59. Van der Veen (1965), bl. 38.
60. Weijnen (s.j., 1960), bl. 47.
61. Vgl. Bilderdijk (1826), bl. 128.
62. Vgl. Royen (1947I).
63. "/t/-verlies" sluit ook die verlies van stemlose slot-d, soos in gebeurd, in.
64. Van den Berg (1965), bl. 25-38.
65. Snyman (1975).
66. Ibid., bl. 96.
67. Ibid., bl. 181.
68. Raidt (1974), bl. 99.
69. Weijnen (1958), bl. 172.
70. Kloeké (1950), bl. 285.
71. Van Veen (1964), bl. 55.
72. Ibid., bl. 54.
73. Ibid.
74. Hier slegs Woerden.
75. Uit "Der scepene boeek", in Muller (1883), bl. 226, soos aangehaal deur Van Veen (1964), bl. 49-50. Verdere voorbeelde uit Muller (1883,1889 en 1891) is almal aangehaal deur Van Veen (1964), bl. 49-50.
76. Uit 'n teks van 1380, in Muller (1883)II, bl. 47.
77. Uit 'n teks van 1414, in Muller (1883)II, bl. 126.
78. Uit "Die roese", 'n teks uit 1343, in Muller (1883)I, bl. 215.
79. Uit 'n teks van 1433, in Muller (1883)I, bl. 296. Vgl. tabel 2.
80. Uit die "Verspreide keuren", 'n teks uit 1355, in Muller (1883)I, bl. 397, soos aangehaal deur Van Veen (1964), bl. 50.
81. Uit 'n brief van 1262, in Immink (s.j.), bl. 381, soos aangehaal deur Van Veen (1964), bl. 50.
82. Uit Muller, S. Fzn. (1889,1891), bl. 43 en 44, soos aangehaal deur Van Veen (1964), bl. 50.

83. Uit 'n teks van 1328, in Muller (1889,1891), bl. 64.
84. Uit 'n teks van 1327, in Muller (1889,1891), bl. 98. Muller
teken ook gestichs aan uit 'n teks van 1333. Vlg. Van
Veen (1964) kan dit as 'n normale assimilasierverskynsel
beskou word (bl. 50).
85. Uit 'n teks van 1309, in Muller (1889,1891), bl. 432.
86. Uit 'n teks van 1334, in Muller (1889,1891), bl. 512.
Vlg. Van Veen (1964) kan dit as 'n normale assimilasi-
geval beskou word (bl. 50).
87. Uit Van Rappard, Rekeningen van de Buurkerk in de 15de
eeuw, soos aangehaal deur Beets (1927), bl. 216-7 en 220.
88. Uit die rekeninge van die Utrechtse Buurkerk, 1522-3, bl.
25r, soos aangehaal deur Van den Berg, B. (1966), bl. 23.
Verdere voorbeelde uit hierdie bron ook aangehaal deur
Van den Berg (1966), bl. 23.
89. Uit die rekeninge van die Utrechtse Buurkerk, 1521-2,
bl. 11r. Vgl. Van den Berg moet 'n mens hier rekening
hou met assimilasië van die /t/.
90. Uit die rekeninge van die Utrechtse Buurkerk, 1521-2,
bl. 23r, en 1522-3, bl. 24r.
91. Uit die rekeninge van die Utrechtse Buurkerk, 1521-2, bl.
3r, 3v en 5r.
92. Uit die "Stadsrekeningen van Woerden", 1458 en 1514, soos
aangehaal deur Van den Berg (1965), bl. 26. Vgl. vir
raemt ook nog tabelle 2, 6 en 7.
93. Van Veen (1964), bl. 49.
94. Ibid.
95. Uit die "Renten van de kapel op Dijkshoorn" (by Delft)
(tekste van 1510, 1511, 1519 en 1532), soos aangehaal
deur Van den Berg (1966), bl. 26. Hef betael, pach,
ach, kom saam voor in één sin.
96. Uit die "Rekenboek van de kerkmeesters te Delfshaven"
(deel van Rotterdam) (tekste van 1534, 1529, 1530 en 1531),
soos aangehaal deur Van den Berg (1966), bl. 26.
97. Uit die "Rekening van de renten van de Sint-Corneliskapel"
(buite Delft) (teks van 1542), soos aangehaal deur Van
den Berg (1966), bl. 26.
98. Uit die "Rekening van de kerkmeesters van de St. Laurens
te Rotterdam" (tekste uit 1574 en 1575), soos aangehaal
deur Van den Berg (1966), bl. 26.
99. Uit die "K asboek van een onbekende vleeschhouwer" (Rot-
terdam, met inskrywings van 1676 tot 1684), soos aange-
haal deur Van den Berg (1966), bl. 26.
100. Uit die "Archief van de getijdemeesters van de Sint-Jans-
kerk" (Gouda) (1611 tot 1613), soos deur Van den Berg
(1966), bl. 26-7, aangehaal uit Hallema (1942). Vgl. vir
tyct ook nog tabel 1.
101. Leidse vorme van 1391 en 1412, uit Van Loey, Middelnder-
landsche spraakkunst II, bl. 94, aangehaal deur Van den
Berg (1966), bl. 27.
102. Uit Van Santen (1620) en (1626b), soos aangehaal deur
Crena de Iongh (1959), bl. 86.
103. Uit Van Santen (1617), soos aangehaal deur Crena de Iongh
(1959), bl. 86, 89, 112, 114, 116 en 124.
104. Uit Van Santen (1625), soos aangehaal deur Crena de Iongh
(1959), bl. 86, 112 en 116.

105. Uit Van Santen (1620), soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 86, 89, 112, 113 en 116.
106. Uit Van Santen (1626b), bl. 86 (woordsoort nie vermeld), 89 en 113.
107. Uit Van Steyn (1661), soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 86, 89, 112, 116, 118 en 123.
108. Uit die "Bijlagen tot de rekeningen van het Meisjeshuis 1577-1590, 1601-1638", soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 86-9 en 117.
109. Uit mss. 871, 913, 1220 en 1987 (?), soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 86 en 89.
110. Uit die "Rekeninge van het Gasthuys" (ms. in Delft), soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 86-7 en 122.
111. Uit "Het oude kinderboek van het Weeshuis 1591-1624", soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 86 (woordsoort?), 87, 89, 113 en 117.
112. Uit die "Rekeningboek van het St. Eloysgilde (ms.(sic) 1970), soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 87-9, 113, 117 en 122.
113. Uit Huygens, soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 87.
114. Uit Van Santen (1626a), soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 89.
115. Uit Van Santen (1626a), soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 112.
116. Uit Van Santen (1624, 1637), soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 113 en 116.
117. Uit "Delfsche Broertgens (sic)-Kermis", 1667, soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 113.
118. Uit Van Santen (1629), soos aangehaal deur Crena de Iongh (1959), bl. 116.
119. Uit Van Steyn (1661), soos aangehaal deur Scholtz (1963), bl. 16.
120. Uit Van Loey, Middelnederlandsche spraakkunst II, bl. 93-4, soos aangehaal deur Scholtz (1963), bl. 16.
121. Uit Van Santen, soos aangehaal deur Scholtz (1963), bl. 17.
122. Vgl. vir woorde op /art/ en /alt/ ook nog tabelle 6, 7 en 8.
123. Van den Berg (1965), bl. 28.
124. Scholtz (1963), bl. 37.
125. Van den Berg (1965), bl. 27.
126. Snyman (1975).
127. Vgl. Ratelband (1950), Coolhaas (1962, 1963), soos bespreek in Snyman (1975), bl. 75-8. Alle voorbeelde soos uit Ratelband (1950) en Coolhaas (1962 en 1963) aangehaal deur Snyman (1975), bl. 79-90 en 92-3.
128. = Utrecht.
129. = hof.
130. Vgl. Snyman (1975), bl. A4, waarsk. skryffoute.
131. Uit Van den Broecke se "Cordt relaes ende journael van de gelegentheyt ende negotie der stadt ende lantschap Surate" (1620), soos aangehaal deur Snyman (1975), bl. 86.
132. metatesis?
133. = ondertekend.
134. Invloed van die s.nw.?
135. Uit die Dagh-Register gehouden int Casteel Batavia vant passerende daer ter plaetse als over geheel Nederlands-

India, 's-Gravenhage, soos bespreek deur Snyman (1975), bl. 138-40. Alle voorbeelde uit die Dagh-Register soos aangehaal deur Snyman (1975, bl. 147-9, 156-7, 169-71 en 174.

136. Snyman (1975), bl. 147 (miskien assimilasie).
137. Ibid., bl. 148.
138. Ibid. (sinkopae).
139. Ibid., bl. 149.
140. Ibid., bl. 156.
141. Ibid., bl. 157.
142. Ibid., bl. 169 (woordsoort nie genoem).
143. Ibid., bl. 170.
144. Ibid., bl. 171.
145. Ibid., (assimilasie?).
146. Ibid., bl. 174.
147. Raidt (1974), bl. 92-3. Vir verdere geskiedkundige besonderhede, vgl. aldaar. Alle voorbeelde word aangehaal uit Raidt (1974), bl. 93, 99 en 100.
148. Kom vlg. Raidt (1974), bl. 93, "byna konsekwent" voor.
149. Voor te .
150. /t/-uitgang by 3e p.ekv. vlg. Raidt (1974), bl. 93, dikwels weggelaat.
151. Invloed van die s.nw.? Vgl. ook tabel 3 hierbo.
152. "Dagboek van Jan Wes ... 1748-1795", uit "Familiepapieren Van Voorthuysen - Van der Maarel", nr. 6, soos bespreek in Raidt (1974), bl. 94 en 100. Alle voorbeelde teweens uit Raidt (1974), bl. 94 en 100 aangehaal.
153. = Kaap.
154. = kryg.
155. Anders altyd heeft, vlg. Raidt (1974), bl. 100.
156. Raidt (1974), bl. 94 en 100.
157. Ibid., bl. 100.
158. Opprel (s.j., 1896), bl. 23-6, 32 en 41.
159. = bocht, bochtje.
160. = karaf.
161. By sy bespreking van die persoonsvorme wys Opprel (1896) o.m. daarop dat "de drie personen van het enkelvoud ... in den regel aan elkaar gelijk (zijn)", bl. 40, en: "alle drie den uitgang t of geen uitgang" kan hê, bl. 41. Hy maak verder die opmerking: "Zelfs bij andere verba dan die, wier stam op f, p, ch en k uitgaat, kan in 't enk. de t verdwijnen ...", bl. 41.
162. Vgl. vir raamd ook nog tabelle 1 en 6.
163. Van Schothorst (1904), bl. 67-9.
164. "g" is vlg. Van Schothorst (1904) ook 'n klank waarna apokopee dikwels plaasvind, bl. 67. Op bl. 8 word g (in teenstelling met bv. x) beskryf as "de velare of achterpalatale zachte spirant, die evenals k velaar en palataal kan zijn".
165. Van Schothorst (1904), bl. 67.
166. Ausems (1953). Alle voorbeelde is uit hierdie werk, bl. 66-8.
167. Ibid., bl. 28.
168. Woordsoort nie duidelik aangegee.
169. Hiperkorreksie in burgertaal, vlg. Ausems (1953), bl. 68.
170. Verouderde meervoudsvorm, vlg. Ausems (1953), bl. 68.
Vgl. vir raemt ook nog tabelle 1 en 7.

171. Hiperkorreksie "t Veld", vlg. Ausems (1953), bl. 68.
172. Vlg. Ausems (1953), bl. 66-7, word stam-/t/ in die presens onmiddellik linker behou, is nie-stam-/t/ by chō (= gaat) en slā (= slaat) afwesig, en volg geen /t/ na tweeklank, vgl. bi-ei, ens., nie.
173. Vgl. vir woorde op /art/ en /alt/ ook tabelle 2,7 en 8.
174. "Zowel naam- als werkwoord apocoperen de slot-t na alle spiranten en explosieven", in die presens en preteritum kan selfs stam-t verval, Ausems (1953), bl. 67.
175. "Noch naamwoord, noch voltooid deelwoord apocopeert de slot-t na liquidae en nasalen; integendeel, de band tussen liquidae en nasalen aan de éne kant en de slot-t aan de andere kant is zó innig, dat men hierbij vaak een paragogische t aantreft", vlg. Ausems (1953), bl. 67.
176. Ausems (1953), bl. 68, noem dit "overgang van slot-t in p".
177. Vgl. Ausems (1953), bl. 68.
178. Stameindsegment bly egter in die presens gehandhaaf na monoftonge, Ausems (1953), bl. 66, punt b).
179. Een uitsondering is die woorde niet, dat en wat, wat waarskynlik 'n hoë gebruiksfrekwensie het. Wat die v.dw. betref, word slegs enkele vorme met /ŋ/ en sekondêre toevoeging van /k/ vermeld: /xəjŋk/, /fərməŋk/. Aangesien hulle hierdeur moontlik sinchronies aansluit by die v.dwe. waarvan die stam histories op /k/ eindig, het ons vir die v.dw. geen bewys van /t/-verlies na 'n stemhebbende segment nie.
180. Ausems (1953), bl. 66.
181. Raidt (1974), bl. 94.
182. Ausems (1953), bl. 67. Vir die tipes genoemp, gejōŋk, ens. vgl. Ausems (1953), bl. 68.
183. Hirt (1934), bl. 115.
184. Ibid., bl. 115 en 179.
185. Ibid., bl. 115 en 137. Hierdie neiging tot formele onderskeid in samehang met die funksionele onderskeid aktief/passief herinner aan wat later in Afr. gebeur het, waar v.dw. + het/is ook 'n aktief/passief-teenstelling geword het.
186. Paul (1968), bl. 77. Vgl. ook Stoett (1923), bl. 188.
187. Hirt (1934), bl. 125-6.
188. Paul (1968), bl. 79.
189. Hirt (1934), bl. 137. Vgl. ook Van Loey (1959), bl. 157, en Weijnen (1971), bl. 107-9.
190. Vgl. nog Mnl.: enen gemint, gehaet, vercoren hebben = iem. minnen, haten, verkiezen, Stoett (1923), bl. 179.
191. Maar vir 'n aspekverskil vgl. Van Es (1966), bl. 106-7.
192. Vgl. ook Hutterer (1975), bl. 385 en 430.
193. Loubser (1961). Van Es (1966) sien die feit dat Afr. v.dw. + het na die verdwyning van die imp. die tyds-funksie oorgeneem het as "een herhaling van het gebeuren bij de overgang van indogermaans naar oergermaans, waarbij het perfectum van de sterke werkwoorden overgegaan is in de functie van het imperfectum", maar stel dat "in het huidige Nederlands ... hebben in zo 'n verbinding nog steeds middel tot uitdrukking van het perfectische aspect (is)", bl. 107. Van Es noem zijn "een concurrent van hebben voor de perfectische functie", bl. 109.

194. Ons tref in Mnl. reeds die v.dw. in werkwoordelike funksie in 'n veelheid van kontekste aan. 'n Vorm van hebben + v.dw. dui die verlede tyd aan in die oorg. sin Sine jongeren hi gegadert heeft, in die skynbaar onoorg. Hine hadde gedronken no geten (vgl. Stoett (1923), bl. 192), in die onoorg. Doe si aldus een wijl hadde gheslagen, met gen. en voorsetselstuk, onderskeidelik: Hi heeft der doot verdient, Daer men al den nacht na hem heeft gewacht (vgl. Stoett (1923), bl. 193). Die irrealis word met zijn en hebben onderskeidelik uitgedruk in Waersi also staande bleven, ... se hadden verbernt en haddickt gheweten, ic hadde ghecomen te hare (vgl. Stoett (1923), bl. 196).
195. Stoett (1923), bl. 191 en 192.
196. Ibid., bl. 14-5.
197. Ibid., bl. 181.
198. Uitsondering: wees in Sy wil gesien wees.
199. Vgl. ook Eng. They have caught the burglar, t. They have the burglar caught.
200. Bv. die dialek van Genemuiden en Dedemsvaart. Vgl. vir Nieu-Nederduits Hutterer (1975), bl. 299.
201. Paul (1968), bl. 84, noem die grens tussen partisipiale en adjektiewiese gebruik, wat die passiewe part. betref, "fliessend".
202. Van Es (1966), bl. 103, wys op passiewe by sommige wwe. van beweging: er werd gefietst, gevlogen, gelopen.
203. Om verband te lê tussen 'n ww. en net één naamwoordstuk is reeds 'n algemene funksie van die gewone passief.
204. Vgl. Hutterer (1975), bl. 306: ich bin verander in Duits na ich habe gestanden, onder Nederduitse invloed.
205. Die paradigmatische onreëlmatigheid word verder vergroot deur die behoud van is in gevalle soos Hy is weg/stasie toe, ens.
206. Ofskoon hier van "kontekste" van die b.v.dw. gepraat word, sou dit ook moontlik wees om alles in terme van "funksies" van die b.v.dw. te formuleer.
207. Kraak en Klooster (1968), bl. 152.
208. Ibid., bl. 154.
209. 'n Indringende bespreking van die verhouding tussen 1. en 2. vind ons in Kraak en Klooster (1968), par. 7.4.5.: "Een gemeenschappelijke basis voor deverbatieve adjectivische predikaatsnomina?" Hulle gee (bl. 157) sintaktiese argumente om te differensieer tussen 2. en 3. 2. het, anders as 3., nie almal die normale moontlikheid tot graadaanduiding nie: "Het zwembad is een week erg gesloten geweest"; 2. kombineer nie met vinden nie: "Ik vond het een gesloten deur" (t.o. jongen). M.i. ten onregte word verward in Jan is altijd erg verward tot tipe 3. gereken: Het verward Jan sou 'n goeie sin wees.
210. Kraak en Klooster (1968), bl. 152.
211. De Villiers (1975), bl. 177 noem lg. twee modale wwe.
212. De Voors (1957), bl. 329, noem ook beteken, uitmaak.
213. Vlg. Kraak en Klooster (1968), bl. 156, kan in Het boek wordt gebonden, wordt as koppelww. geïnterpreteer word; 'n lesing met wordt as hulpww. van die lydende vorm is egter die aanneemlikste.

214. Van den Toorn (1975), bl. 45-50.
215. Vgl. in Mnl. Verslegen so leit hi daer, Stoett (1923), bl. 12.
216. Vgl. ibid., bl. 255.
217. Van der Lubbe (1968), van wie se algemene raamwerk (nfat. VII, bl. 228-33) hier gebruik gemaak word, behandel volt. en onvolt. dwe. tesame en onderskei nie altyd tussen wat pre- of postnominaal moontlik is nie. Hy onderskei tussen twee tipes v.dwe.: die "suiwer" v.dwe. en dié wat hulle verbale karakter verloor het; geen duidelike kriteria word aangewend nie.
218. Ibid., bl. 282.
219. Van Es (1966), bl. 187.
220. De Vooy (1957), bl. 405.
221. De Villiers (1975), bl. 216.
222. Ibid., bl. 217-8.
223. Den Hertog (1973), bl. 202.
224. Van Es (1966), bl. 207.
225. Den Hertog (1973), bl. 107 noem selfs die korteres al "langademië attributiewe bepalingen".
226. Van Es (1966), bl. 224.
227. Ibid., bl. 224-5.
228. Ibid., bl. 225.
229. De Vooy (1957), bl. 407.
230. Ibid., bl. 408, 410.
231. Den Hertog (1973), bl. 206. In Mnl. tree die v.dw. as voorsetsel op in Behouden (= behalwe, sonder) vriendschap van den heere so zal ik zelden vruechden plien. Vgl. ook utgedaen, -genoemt, -geset, -geset, -gescreven, -gesceiden (mod. Ndl. uitgezonderd, uitgenomen). V.dwe. wat oorspronklik met die s.nw. 'n casus absolutus gevorm het, het later deur hulle plek vóór die s.nw. die karakter van 'n voorsetsel aangeneem. Vgl. vir bost. Stoett (1923), bl. 84. Vgl. ook vir Duits: dessen ungeachtet; ausgenommen, Paul (1968), bl. 87 en 90. Stoett (1923), bl. 188-9, wys ook op v.dwe. met on-, bv. angesien, angespaert, ongecocht, ens. (Mod. Ndl. onverwilt, onverpood, onverdiend, ens.) wat vlg. Kern gelykwaardig geword het aan bywoorde.
232. Den Hertog (1973), bl. 205.
233. De Vooy (1957), bl. 167.
234. Den Hertog (1973), bl. 110-1.
235. Stoett (1923), bl. 89. As die sterk v.dw. onmiddellik na die s.nw. staan (soos in die poësie), vind ons hom onverboë: Keytivech man verloren, Stoett (1923), bl. 87-8.
236. Gordon (1968), bl. 313.

HOOFSTUK 2: VORMONTWIKKELING VAN DIE SWAK VOLTOOIDE DEEL- WOORD (WERKWOORDELIK GEBRUIK), 1652-1875

2.1 INLEIDING

Die morfologiese en fonologiese ontwikkeling van die Afr. v.d.w. sluit in hoofsaak aan by wat tydens die volksplanting, wat in 1652 begin het, aan Ndl. vorme (algemeen-beskaaf of dialekties) en veranderingstendense aan die Kaap aanwesig was. 'n Belangrike voorbeeld van 'n reeds aanwesige veranderingstendens is die verlies van slot-/t/; 'n veranderingstendens wat later aan die Kaap sterk na vore getree het, is die analogiese gelykstelling van die onreëlmatige v.d.w.-stam met die inf. of stam van die persoonsvorme.

In die vorige hoofstuk is ingegaan op die Ndl. swak en sterk v.d.w., sy globale diachroniese vormontwikkeling en sekere veranderingstendense wat aan die Kaap verder kon gewerk het. Die vorige hoofstuk dien dus as vertrekpunt vir wat hieronder beoog word.

In hierdie hoofstuk word die verskillende morfologiese geledings van die v.d.w. wat vir Afr. ter sake is, te wete die voorvoegsel *ge-*, die stam en die /t/-uitgang (en, waar ter sake, ook die verhouding hiertussen) afsonderlik beskryf. Die beskrywingwyse is nie suiwer induktief, registrerend, van aard nie; materiaalversameling geskied sover moontlik aan die hand van 'n bepaalde probleemstelling. Hierdie benadering gee dan daartoe aanleiding dat sommige geledings meer aandag ontvang as ander, en dat ook die verhouding tussen geledings behandel word waar dit 'n bydrae tot die oplossing van 'n bepaalde probleem kan lewer.

Die geleding waaraan in hierdie hoofstuk die meeste aandag geskenk word, is die slot-/t/. Slot-/t/-verlies is die mees sistematiese vormverandering waaraan die swak v.d.w. onderhewig is, en ofskoon dit nie net v.d.w. is wat daaraan onderhewig is nie, vind ons veral by die v.d.w. 'n verandering in die wyse waarop slot-/t/-verlies daarop toegepas word: waar dit aanvanklik suiwer fonologies werk, werk dit uiteindelik suiwer morfologies. Om 'n volledige beeld van slot-/t/-verlies by die v.d.w. te kry,

is dit nodig om dit te vergelyk met verlies ook by ander woord- en werkwoordeoorde, en so 'n vergelyking kan eintlik slegs gemaak word as gegewens sover moontlik gekwantifiseer word. Sodanige gegewens vereis op hulle beurt weer 'n model in terme waarvan hulle geïnterpreteer kan word. Al word in hierdie hoofstuk dus slegs gewerk met materiaal wat reeds beskikbaar was en in 'n groot mate ook al met die oog op slot-/t/-verlies ontleed is, gaan dit hier om 'n nuwe benadering van die probleem.

As materiaal in die studie van die veranderinge in die v.d.w. word uitsluitlik van die beskikbare Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekste gebruik gemaak. Nogtans stel die taalhistorikus primêr belang in ontwikkelinge in die spreektaal. In watter mate verteenwoordig die bestudeerde tekste die spreektaal? - dit is 'n probleem wat voortdurend die aandag vra en ook in hierdie hoofstuk aan die orde kom.

2.2 DIE VOORVOEGSEL GE-

2.2.1 Weglating en toevoeging

Die neiging om ge- weg te laat by v.d.w. op -eer(d) en toe te voeg voor be-, ge-, er-, her-, ont-, ver- en (soms) mis- word vroeg reeds aangetref, bestaan nog voort in mod. Afr.¹ en is van min teoretiese belang.

Reeds in die eerste helfte van die agtiende eeu vind Phaiffer in die gebroke Ndl. van Franssprekendes aan die Kaap ge-verlies by 'n paar v.d.w. op -eert, bv. accordeert, ageert en pardonneert, asook by leid, maar geen toevoeging van ge- voor bg. voorvoegsels nie (ofskoon wel "hiper-korrekte toevoeging of invoeging van ge-" in gevalle soos geanregistreerd, ergekent, onderoorecht)². Dit is opmerklik dat sommige van hierdie v.d.w. leenwoorde is uit Frans, waar hulle uiteraard nie deur ge- voorafgegaan word nie³.

Scholtz (1972) wys op vorme soos gemishandelt, repareert en taxeert wat vanaf 1769 in stukke uit die Kaapse Argief begin voorkom (met 'n enkele geval van gemishandelt uit 1756)⁴. In sy vroeëre studie behandel Scholtz 'n aantal

voorbeelde van weglating en toevoeging uit later dokumente, o.m. gebelouft, gebepist, gebewaard en gevereerd uit die verslag van Wikar, 1779, en uit stukke uit die KT vanaf 1782 tot 1831, o.m. op serveert, ordoensert, kampeert, transporteer en regeerd⁵.

Wat die toevoeging van ge- betref, is dit volgens Scholtz selfs "onseker of ons hier 'n nuwe ontwikkeling in Kaaps het"⁶. Die verlies van ge- kom veral dikwels voor by Franse leenwoorde op -eer, en dan nie net by Franssprekendes nie. Dit is ook moontlik dat ons hier met Duitse invloed te make het, aangesien ge- in Duits nie voorkom (of voorgekom het) by v.d.w. op beklemtoonde -iërt nie⁷. 'n Voorafskaduïng van die onsekerheid wat daar vandag nog in Afr. heers, is acsepteert naas geprospereert by dieselfde skrywer in 'n amptelike brief van 1782⁸, en perbeer naas geperbeer by Meurant in 1851⁹.

Dat daar in Afr. 'n neiging tot ge-toevoeging sou bestaan, is glad nie vreemd nie. Na die verdwyning van vokaalwysiging en ander stamonreëlmaticghede wat die v.d.w. kenmerk, en veral na die verdwyning van slot-/t/ en -/ə/, bly die voorvoegsel ge- die enigste eksplisiete aanduider van die v.d.w. Waar in die loop van die geskiedenis 'n verstarring in die volgorde van ww. in die ww.-groep intree¹⁰, bly die v.d.w. byna net so beweeglik soos tevore¹¹; die v.d.w., as verplaaste of verplaasbare ww.-vorm word dan dikwels deur ge- as sodanig gekenmerk.

2.2.2 Toevoeging as gevolg van sametrekking

Belangriker is die toevoeging van ge- om die verpligte meersillabigheid van die (Afr. en Ndl.) v.d.w. te herstel na die sametrekking van die oorspronklike voorvoegsel met die stam. Enkele v.d.w., soos geloofd, beloofd (slegs dialekties), verrekt, bereid en verrot het deur sametrekking van die voorvoegsel met die stam eensillabig geword, en ge- is hertoegevoeg om geglo, geblo, gevrekt, ens., te lewer¹².

Gebreyd/gebreyt vind ons in 1779 reeds by Wikar (een-

uit die tweemaal op 'n mens, nl. die "gifsuiper", van toepassing). Die kasboek van Johanna Duminy¹³ het ook eenmaal gebrijt (van velle).

By Trigardt lui agtereenvolgende dagboekinskrywings: "Is de hond(e)rtste bees gevrekt", en "Is een bees vrekt"¹⁴. Veral vrek(t) kom dikwels by Trigardt voor¹⁵, en byna altyd in 'n sin wat na die verlede verwys, bv. "... stoot die koui een vul dat hij de selfde nagt vrekt is"¹⁶. Ofskoon -vrek- baie soos die b.nw. dood (self histories 'n v.d.w.) gebruik word, kan die moontlikheid nie uitgesluit word nie dat ons hier te make het met 'n tussenstadium van die Afr. v.d.w. gevrek, waar sametrekking reeds plaasgevind het, maar ge- nog nie konsekwent toegevoeg word nie. Uitgevrek (b.nw.?) vind ons in 1852 by P.E. Scholtz¹⁷.

2.3 DIE STAM

2.3.1 Inleiding

Scholtz merk op dat in Afr. "die vorming van die volt. dw. radikaal vereenvoudig (is): dit verskil van die finiete en infiniete vorm van die ww. net deur die voorvoegsel ge- waar dié optree; uitsonderings is alleen gehad, 'n verouderde gedag (gedog) en die nou byna heeltemal verouderde gebrag, gekog"¹⁸.

Wat die ontwikkeling van die stam van die swak v.d.w. in Afr. betref, kan eerstens opgemerk word dat onreëlmatige stamme oor die algemeen reëlmatig geword het. Reëlmatigheid in die v.d.w.-stam word egter beoordeel in terme van die pv./inf.-stam. Die beoordeling van die reëlmatigheid al den nie van die v.d.w.-stam word bemoeilik deurdat die pv./inf.-stam van bepaalde wwe. ook aan verandering onderhewig was. Die Afr. v.d.w. geglo is bv. onreëlmatig in vergelyking met die pv./inf.-stam geloof, maar vir 'n taalgebruiker wat glo as pv./inf. het, volkome reëlmatig; m.a.w. die ontwikkeling van glo hef die "onreëlmatigheid" van geglo op. In die ontledings wat volg, word die regu-

larisering van die Afr. v.dw.-stam uit die oogpunt van sowel die Ndl. pv.-stam as die ontwikkelende Afr. pv./inf.-stam beoordeel. Vir die doel van die analise word dus slags dié stamme as reëlmatig beskou wat ooreenstem¹⁹ met die stam van die Ndl. 3e pers. ekv. pres. van die ww.

Die volgende twee vrae kan onder meer oor die ontwikkeling van die (onreëlmatige) stam gestel word: (a) Wanneer het die verskillende onreëlmatige v.dwe. volkome reëlmatig geword? (b) Wat is die verhouding (t.a.v. ontwikkelingsstadium) van die v.dw.-stam tot die pv./inf.-stam (en, waar toepaslik, tot die imperfek) by bepaalde skrywers? Parr. 2.3.2 en 2.3.3 hieronder is 'n poging om op vrae (a) en (b), onderskeidelik, meer lig te werp. Enkele Ndl. v.dwe. met dialektiese stamwisseling word ook betrek.

2.3.2 Datering van stamveranderinge

Aangesien daar geen rede is om aan te neem dat die regularisering van een v.dw. of groep v.dwe. sistematies met dieselfde proses by (h) ander saamhang nie, is dit m.i. geregverdig om na die geskiedenis van afsonderlike v.dwe. te kyk. Die regularisering van die v.dw.-stam is in vroeër studies byna uitsluitlik uit die oogpunt van datering beskryf. Ter wille van die geheelbeeld word die beskikbare gegewens weer hier bymekaargeplaas, en dien dit ook hier en daar, met die hulp van aanvullende gegewens, as grondslag vir 'n herinterpretasie.

2.3.2.1 Stam in Ndl. onreëlmatig

Die belangrikste groep v.dwe. is dié waarvan die stam reeds in Ndl. onreëlmatig is, te wete gedacht/gedocht²⁰, gebracht/gebrocht, gekocht, gezocht, waar ge- soms vervang word deur bv. ver- of onder-. Scholtz merk op: "Afgesien van een betroubare bewysplaas van gebreng uit 1776 ..., tree geen van die nuwe reëlmatige v.dwe. gebring, gedink, gekoop, gesoek voor die 19de eeu in ons bronne op nie"²¹. Hy verwys dan na Changuion se mededeling uit 1844 dat gebrenge, gedenke, gekoop en gezook aan die Kaap gebruik word²². Die voorkom van gebreng in 'n dokument uit 1776 is vir

Scholtz 'n aanduiding "hoe ver die analogiewerking wat uiteindelik alle volt. dwe. sou tref, al teen 1775 gevorder was"²³. Die onreëlmatige vorme word egter nog "tot diep in die 19de eeu ... deurgaans ... geskrywe"²⁴.

Ons vind gedenk (2x) in 1830 in 'n koerantbrief van "Verdrukte Grikwa"²⁵ en by Meurant tussen 1844 en 1850²⁶; gedink, overdinkt in Bezuidenhout se koerantbrief²⁷ van 1851, gedenk (2x) in 'n koerantbrief²⁸ van 1854 (naas 3x gedagt) en weer gedenk (2x) by Meurant²⁹ in 1861 (naas 1x gedag).

Die vindplase van gebreng wat Scholtz noem, t.w. 'n koerantbrief van 1831 en Meurant 1846³⁰, word gevolg deur 'n koerantbrief van 1846 onder die skuilnaam van Sabiena Zeekoeygat (megebreng)³¹, 'n koerantbrief van 1854 (gebreng)³², die aangehaalde woorde van 'n Maleier in 1860 (weergebreng)³³, Meurant in 1861 (gebreng, voorgebreng, opgebreng)³⁴ en by Zwaartman in 1870-3 ((in)gebreng)³⁵. De Lima (1826) het nog gebrogd³⁶, asook P.L. Uys in sy brief (1837 - gebrogt)³⁷. Boniface het in 1844 meegebrog³⁸ en Meurant het in 1861 gebrag naas die reëlmatige vorme³⁹.

Gekoopt uit 1712, by 'n onbekende skrywer, maar "kenne-lik 'n Duitser"⁴⁰, is die enigste volkome reëlmatige vorm wat in die 18e eeu gevind is. Vorme wat afwyk van ge/verkoct kom egter wel voor. Scholtz wys op verkoof uit 'n rekeningboek van 1729, en in dié jaar ook gekogt en verkoft by dieselfde skrywer en gekooft in 1742 - in albei gevalle by Duitsers, maar voer tereg aan dat kaufen (net soos suchen) in Duits reëlmatige v.dwe. het, wat bydra om dit "baie twyfelagtig" te maak dat gekoop(t) en ge-soek(t) "al in die eerste helfte van die 18e eeu in die taal van die oorspronklik Hollandssprekende Kaapse burgers voorgekom het"⁴¹. By die Franssprekendes vind ons in dié tydperk aan afwykende vorme slegs verkocht (2x) en vercoopen (1x)⁴², lg. reeds met 'n reëlmatige stam. Gekoop as sodanig kom eers in 1831 in twee koerantbriewe voor⁴³, later by Meurant⁴⁴ en in 1869 meermale by Zwaartman⁴⁵.

As ons die 18e eeu in sy geheel beskou, is dit egter opvallend hoe dikwels -ko(o)ft, 'n Ndl. dialekvorm, as v.dw.-stam voorkom.

Morkel se briefie⁴⁶ uit 1715, wat moontlik Duitse invloed veraai, het gekoft. Gekoft kom ook voor by 'n onbekende skrywer⁴⁷ uit 1722, in 'n rekening van G. Pardeijs uit 1756⁴⁸, 'n verklaring van A. Lombard uit 1757 (of vroeër)⁴⁹ en 'n verklaring van O.K. Coetsse uit 1772 (naas, in dieselfde teks, die eienaam oorlofd kloop)⁵⁰; ver koft kom in 'n verklaring van N. Janze van Rensburg uit 1773 voor⁵¹. Dit is opvallend dat slot-/t/ byna konsekwent aanwesig is.

Scholtz bestempel gekoft as 'n kontaminasiavorm⁵². Dit is egter opmerklik dat gekoft die enigste onreëlmatige v.d.w. is waarvan die stameindsegment, /x/, nie artikulatories homorgaan is met die stameinde van die pv., /p/, nie, d.w.s. v.d.w. /x/ teenoor pv. /ŋ/, /k/ of /ŋk/ soos by die ander onreëlmatige v.d.w.e. Die /f/ in gekoft is die naaste Ndl. en Afr. frikatief aan die /p/ van die pv., en in soverre gekoft deur hierdie vorm veroring word, maak dit die subsisteem van onreëlmatige ww. fonologies meer reëlmatig. Die v.d.w.-stam -ko(o)ft kan dus ook beskou word as 'n moontlike spontane ontwikkeling wat hom sonder Duitse of dialekinvloed kon voltrek het.

Twee waarnemings pleit egter daarteen dat die -ko(o)ft-stam ooit heeltemal tot die algemene spreektaal deurgedring het: ons tref, eerstens, dié vorm dikwels in dokumente van 'n meer amptelike aard aan, en, tweedens, byna altyd met 'n slot-/t/, as 'n soort skryftaal-sluitstuk.

Soos vroeër reeds opgemerk, is Scholtz ook by die regularisering van die v.d.w.-stam -zocht bedag op Duitse invloed. Hy wys op versoekt (2x) en ondersoekte (1x) by J. Hennig, waarskynlik Duitssprekend, in 1715, en versoekt in 1734, ook by 'n Duitser⁵³. Die argument van Duitse invloed gaan egter nie op vir ander vreemdelinge aan die Kaap nie. Die voorkom van verzoekt (2x) en verzoek (3x) in die vroeg 18e-eeuse Ndl. geskrifte van Franssprekendes aan die Kaap⁵⁴, maak dit waarskynlik dat die neiging tot analogiese gelykskakeling vroeg reeds by hierdie ww. werk-

saam was. Verdere voorbeelde van die reëlmatige vorm is verzoekt in 'n brief van C. Marre uit 1739⁵⁵, versoeke in 'n brief van G. Maritz, 1790⁵⁶, versoek (naas versogt) in 'n brief van G. Meyburgt, 1807⁵⁷, en verzoek (1x) en onderzoek (2x) by Meurant in 1861⁵⁸. (Bezuidenhout het in 1851 nog gezog⁵⁹).

In die lig van bostaande gegewens is dit waarskynlik dat daar in die 18e eeu 'n beperkte neiging tot fonologiese gelykskakeling by die v.d.w.-stam -kocht asook 'n neiging tot volledige analogiese gelykskakeling by -zocht was, terwyl analogiese gelykskakeling by -bracht/brocht en -dacht/docht eers vanaf die 19de eeu aan te toon is. Daar kan dus nie sonder meer aangeneem word dat die laaste groep onreëlmatige v.dwe. gelyktydig reëlmatig geword het nie.

2.3.2.2 Stameindkonsonant verval

Die /x/ aan die stameinde van Ndl. v.dwe. soos gezegd, gelegd (vir wisselvorme vgl. par. 2.3.2.4 hieronder), gevraagd en geklaagd en die stameind-/t/ van gearbeid, het in mod. Afr. verval, vgl. gesê, gelê, gevra, gekla, gearbei. By gesê, gelê het ons bowendien vokaalverlenging. Bost. gevalle word hieronder bespreek; nog v.dwe. wat ook hulle stameindkonsonant verloor maar waaroor geen inligting ingewin kon word nie, is geloofd, beloofd (dialekties) en bereid (vgl. par. 2.3.1), en geproefd, besteed, gekneed, geweid, gekleed, ens.

In die 19e eeu is gezeg of geseg - vir Ndl. gezegd - in die geskrewe taal ten minste tot 1860 die gebruiklike vorm. Die moderne stam vind ons in 1836-8 by Trigardt as kezee, in sy weergawe van Albach se taal⁶⁰; in 1860 in De Kock se "Tooneelen uit het Politie Hof" in die ietwat gebroke sinnetjie: "Mrs. Ford het gezê ons het geld gesteel, daarom weggeloop"⁶¹, in 1869 by Zw. van as geseh, en weer in 1870-3 as geseh, gesêh, Gelê (naas geleg) verskyn in 1870-3 by Zwaartman⁶².

Die wegval van die stam-/x/ van gevraagd word reeds in 1765 in 'n verklaring van E. Mostert in netjiese handskrif

aangetref: "toen heef roelof hem af gevraat ... wie hem de brief gegeeve heef" (naas gevraagt in dieselfde stuk)⁶³. Gevra, as kavraa, word in 1836-8 Albach in die mond gelê⁶⁴, kom in 1844-50 by Meurant as gevra voor⁶⁵, ook in 1851 (naas 1x gevraag) by Bezuidenhout (3x)⁶⁶, in 1860 as gevrâ⁶⁷ en in 1870 'n paar maal as gevraa by Zwaartman⁶⁸.

Parallel aan gevraat hierbo, vind ons in 1802 geklaat in 'n brief van J. Scholtz⁶⁹; geklaa vind ons in 1869-70 by Zwaartman⁷⁰.

Die verlies van 'n stameindklank is ook gekonstateer by die alleenstaande gearbeij by A. Kreuzmann in 1716⁷¹.

2.3.2.3 Ander gevalle van stamwysiging

Gebloeyd (vir Ndl. gebloed) - na aanleiding van die pv. mv./inf. waar intervokalisie /d/ gevokaliseer is - tref ons naas die pv. bloeyd by Wikar aan, 1779⁷². Boniface hat in 1830-44 versmaaid⁷³, wat op dieselfde wyse gevorm is.

Gelawert verskyn in 1769 by J. Pienaar met die Afr. /v/ intervokalisie⁷⁴; ge ewijert in 1750 met verlies van /x/ intervokalisie⁷⁵, en so ook gereent in 1869 by Swaartman⁷⁶.

Konsonantopeenhopings aan die stameinde is ook op ander maniere as deur slot-/t/-verlies uitgeskakel: ons vind gequest reeds in 1731 by Grandpreez⁷⁷ (byvoeglik reeds in 1715) en geest by waarskynlik twee verskillende skrywers in 1759⁷⁸.

Van 'n aantal min of meer alleenstaande stamveranderinge is die volgende gevind:

- 1) Teenoor Ndl. verergard, het Bezuidenhout in 1851 verera(d) (2x)⁷⁹ (en Platje Wysneus in sy brief van 1845 die inf. verera⁸⁰).
- 2) Die verlangde vokaal wat in mod. Afr. gehad (/xəɦa:t/) baie algemeen is, vind ons miskien in 1710 reeds by die Franssprekendes in gehaet terug⁸¹, in 1752 in 'n briefie met "onder hande gehaad heb"⁸², in 1846 in Platje Wysneus se brief as gehaat (2x) naas gehad (1x)⁸³, in 1849 in die "Samespraak tussen Jan en Piet"⁸⁴, in

- 1868 in 'n koerantbrief⁸⁵ en later in Meurant se "Brieve"⁸⁶.
- 3) Die v.dw. speoent in 1787⁸⁷ (Ndl. gespionneerd) is moontlik afgelei uit die s.nw. (Die mv. speoenders kom passim by dieselfde skrywer voor).
 - 4) Ge-eet, geëet, met verlies van die /x/ waarmee die v.dw.-stam begin (vgl. Ndl. gegeten, Dts. gegessen) vind ons by Zwaartman, 1869⁸⁸.
 - 5) Die vorm geschreef vir Ndl. geschreeuwd was moontlik meer verbreid as wat die enkele geval daarvan by Meurant in 1861⁸⁹ laat vermoed. Uit schreeuwen, waarskynlik uitgespreek [skre:və], ontwikkel [skre:f] waarskynlik (sporadies) na analogie van veral schrijven : schrijf, maar ook geven : geef, leven : leef, ens. So kry ons bv. in 1797 by Johanna Duminy⁹⁰ schreeft as pres. of imp. (interpretasie nie altyd seker) van schreeuwen sowel as schrijven; Boniface lê Hendrik Kok⁹¹ in 1830 gegeeuw (2x) in die mond vir gegeven; G.D. Joubert skryf vlg. Smuts tussen 1828 en 1838 "die vreemde vorm geschree (geschreven)"⁹² en in 'n koerantbrief van 1844 vind ons geschreeuwe vir geschreven⁹³.
 - 6) Vir Ndl. gejaagd (Afr. gejag) vind ons in die koerantbrief van "Verdrukte Grikwa" in 1830 gejagt⁹⁴, en by Trigardt, 1836-8, ook gejagt (Afr. gejag) naas telkens gejaag(t) (Afr. gejaag)⁹⁵. Dat 'n mate van verwarring tussen jagen en jachten bestaan het, blyk uit die pv. jaq in die betekenis "jaag" by 'n koerantbrief van 1831 (met daarnaas die s.nw. jagt)⁹⁶.
 - 7) Gezit vir gezet vind ons in 1846 in die koerantbrief van Sabiena Zeekreygat⁹⁷.

2.3.2.4 Stamwisseling deur dialektiese wisseling in Ndl.

In die volgende gevalle gaan dit bloot om wisselvorme van die v.dw.-stam; elke vorm is telkens reëlmatig in vergelyking met sy pv.

Ge-zit⁹⁸, 'n wisselvorm van gezegd, kom van die begin af in Kaapse dokumente voor en bly tot diep in die 18e

eeu 'n mededinger van gezegd. Ons tref bv. geseijt in 1750 aan in 'n sin in die direkte rede ("dat heeft Jouv mijne vrouw weeder geseijt")⁹⁹, in 1760 eweneens in die direkte rede¹⁰⁰, gesijt in 1768¹⁰¹ en in 'n verklaring van 1772 (naas gelijt en seq(t) as pv. in dieselfde stuk)¹⁰², in 1779¹⁰³, geseijt in 'n verklaring van 1778¹⁰⁴, en in 1779¹⁰⁵.

Ook geleit kom nog tot diep in die 18e eeu naas gelegd voor, vgl. aan geleijt (van plaas) in 1760¹⁰⁶; as bij gelijt in 'n verklaring ("... soo heb ik met hem bij gelijt") in 1772¹⁰⁷; as uijt gelijt (van drinkwater) in 1775¹⁰⁸, en weer as aan geleijt/angelijdt (van plaas) in verklarings van 1775 en 1777¹⁰⁹, respektiewelik.

2.3.3 Die v.dw.- en pv./inf.-stam

In Ndl. stem die v.dw.-stam lank nie in alle gevalle ooreen met die pv.-stam nie. Verskille tree nie alleen by die onreëlmatige swak wwe. op nie; daar is by talle sterk wwe. 'n verskil in stamvokaal tussen pv. en v.dw. Aangesien Kaaps-Ndl. in sy ontwikkeling al hoe meer in die rigting van 'n gelykskakeling van pv.- en v.dw.-stam beweeg, is dit insiggewend om o.m. vir die onreëlmatige wwe. by 'n aantal skrywers na te gaan in welke mate pv.- en v.dw.-stam gelyk is, of, waar ter sake, die imp. en die v.dw.-stam.

Naas die v.dw. gebloeyd, kry ons by Wikar, 1779¹¹⁰, die pv. bloeyd.

Johanna Duminy het in haar kasboek (1790-5) en meer omvangryke Dagboek (1797)¹¹¹ (op)gebrag(t) (5x), maar ook (op)gebrogt (3x). Die imp. het egter net die o-vorm, t.w. brogt (13x)¹¹². Verder het sy gedagt (2x), teenoor dog (1x). Gesien die o/a-wisseling of uitsluitlike a by die v.dw. is die konsekwente o by die imp. opvallend, en suggereer dat die imp.-stam en v.dw.-stam by dié wwe. nie noodwendig deur die skryfster as identiese morfeme ervaar is nie. Ons kan miskien ook aflei dat sy in haar v.dw.-gebruik meer onder A.B.N.-invloed gestaan het as in haar imp.-gebruik.

"Verdrukte Grikwa"¹¹³ skryf in 1830 gedenk (2x) naas

gedagt (1x), met as inf. denk (1x) en pv. denken (1x).

Boniface skryf in 1830-2 vlg. Scholtz konsekwent gezeg (12x), noot gesê nie; ook by die pv. het hy net zeg (36x) en by die inf. segge (nooit sê nie). Naas gevraag is die pv. vraag (2x) en die inf. vraag (nêrens dus 'n vorm sonder slot-/x/ nie)¹¹⁴.

Oor Trigardt (1836-8) kry ons by Smuts¹¹⁵ die volgende: Naas gebracht die imp. brag(t) en verder brengen (8x), bringen (69x). Naas gedacht die imp. dag(t(e)), en denken (2x), dinken (10x). Naas gezocht die imperfekta verzocht(e), zocht (2x) en zoekte (1x). Nooit geglo - d.w.s. sonder f - as v.d.w.; wel glo as ww. "By die verlede deelwoordsvorme word die slot-d van die stam meestal behou, bv. afgewijd, gelijd, versprijd, verblijd, bevrijd. By die persoonsvorme val die d hoofsaaklik weg na/ai/, bv. wij, lij, schei, maar in die meeste gevalle bly dit behoue", aldus Smuts¹¹⁶.

In die koerantbrief van Sabiena Zeekoeygat¹¹⁷, 1846, vind ons gezit (1x) vir Ndl. gezet, en in dieselfde sin zit as pv. (naas zeg, denk, leg elders in die brief). Naas die v.d.w. gevra staan die inf. kla.

Bezuidenhout (1851)¹¹⁸ het slegs gedink (1x), overdinkt (1x); die pv. pres. is -dink (2x), die inf. ook dink. Die imp., daarenteen, is doet (4x), wat weer 'n aanduiding is dat die imp.-stam nie as v.d.w.-stam diens doen nie. Verder het hy slegs gezeg(d)/geseg (9x), naas zeg/seg (6x) as inf. (geen pv.) en zei as imp. Albei bost. v.d.w. het dus 'n ooreenstemmende pv.-stam, al is die een nog vrywel Ndl. in vorm, en die ander nagenoeg Afr.

'n Koerantbrief uit 1854¹¹⁹ het gedenk (2x) naas gedagt (3x), en denk (3x) as pv., denken (1x) as inf. Verder het die brief gezegd (1x), naas pv. zeet (1x) en inf. zeg(ge(n)) (4x).

Uit Nienaber se versameling tekste tot 1860¹²⁰ blyk dat geseg die gebruikelike vorm is, met gesê as uitsondering, vgl. bv. gezê in die "Tooneelen uit het Politie Hof"¹²¹. Terwyl seg(ge) ook nog die reël is, begin sê/seh egter sterk opkom, vgl. Zeh naas zeg in die liedjie oor Alie

Brand¹²², zeh as inf. in 'n samepraak¹²³, in bg. "Tooneelen"
zê as pv. en inf. by 'n Slamsse kind¹²⁴, en elders in dié
 versameling zêh as inf.¹²⁵.

Die onderstaande gegewens oor Meurant berus op 'n ont-
 leding van 'n gedeelte van die "Zamenspraak"¹²⁶ uit 1861,
 waarmee vergelyk word Scholtz se ontleding¹²⁷ van sy taal-
 gebruik in 1844-50 (afgekort "1844"). Gerieflikheidshalwe
 word die gegewens getabuleer.

<u>V.dw.</u>	<u>Pv./inf.</u> (en soms imp.)
1861 geseg, gezeg (meermale)	seg(ge), zeg(ge)
1844 geseg	pv. zeg (27x), sê (gespel ze?) net in een stuk, inf. seg ¹²⁸ .
1861 uitgeleg(d) (meermale) aangeleg	leg(ge), uitleg
1844	pv. leg (3x)
1861 gedag (1x), gedenk (3x)	inf. denk (imp. dog)
1844 gedenk	denk (oorwegend) ¹²⁹ , dink (1x)
1861 gebrag, gebreng, voor-/ opgebreng	pv. brenge, inf. breng
1844 gebreng	breng (oorwegend), bring (in 2 tekste)
1861 uitgezet	inf. overzette (nominalisasie)
1844	o.m. sit (2x)
1861 getyken, ingetyken	tyken (meermale)
1844	inf. teyken (8x), ook teken ¹³⁰
1861 geschreef (= geskreëu)	schreef (2x) (= skreëu) ¹³¹
1861 gevraag (3x)	inf. vraag, vrage
1844 gevra (in twee stukke) ¹³²	pv. vraag (3x), vra (in 2 briewe)
1861 geperbeer, perbeer	inf. perbeer (imp. per- beerde)

Voordat die res van die gegewens aangebied word, kan
 daarop gewys word dat Meurant 1861 konsekwent meer "konser-

watief", d.w.s. Nederlandse, is as Meurant 1844-50¹³³.
Die volgende uittreksel uit bost. tabel sal dit duidelik
maak:

<u>1861</u>	<u>1844-50</u>
slegs seg-, zeg-	ook sê
oor gedag	slegs(?) gedenk
slegs denk	ook dink
ook -gebrag	slegs gebring
slegs breng-	ook bring
slegs -zette	ook sit
slegs gevraag	ook gevra
slegs vraag, vrage	ook vra

Die volgende gegewens, wat weer in tabelvorm opgeesom
word, berus op 'n ontleding van Samuel Zwaartman se "Boeren-
brieven"¹³⁴, gepubliseer in die tydperk 1870-3.

<u>V.dw.</u>	<u>Pv./inf.</u>
gezeg; geseh, gasêh (1x)	pv. seg, zeg; zêh, sêh ¹³⁵ , seh; inf. seg; sêh
gezet, op-/afgezet	inf. zet (2x), voort-/ opzet; zit (2x) (geen pve. gevind)
gebring (meermale)	(in-)bring (meermale),
ingebbring (3x)	(op-)bring (enkele male)
opgeleh	lêh, (op)leh
(in)geteekent	pv. teekent, betekent ¹³⁶ inf. inteeiken(,)
gereen(t)	inf. reent ¹³⁷

Op grond van bost. gegewens uit verskillende tekste kan
'n aantal gevolgtrekkings gemaak word.

Ons kyk eers na gevalle waar die v.dw. en pv./inf. die-
selfde stam het, bv. Ndl. gezeg/zeg-, Afr. gasê/sê. Dit
is opvallend dat ons by elkeen van bost. skrywers die
volgende verhouding kry (of, by gebrek aan volledige gege-
wens, tog geen teenspraak nie):

- 1) Die Ndl. stam sowel in die v.dw. as die pv./inf., bv. geseg/seg¹³⁸ by Boniface, Bezuidenhout, die 1854-brief en Meurant 1861; gevraag/vraag by Boniface en Meurant 1861.
- 2) Die Ndl. stam in die v.dw., maar sowel die Ndl. as die Afr. stam by die pv./inf., bv. geseg/seg, sê by Meurant 1844, en geset/set, sit by Zwaartman.
- 3) Die Ndl. en Afr. stam in sowel die v.dw. as die pv./inf., bv. geseg, gesê/seg, sê by Zwaartman.
- 4) Die Afr. stam sowel in die v.dw. as die pv./inf., bv. gebloeyd/bloeyd by Wikar, gesit/sit by Sabiena Zee-koeysgat, gedink/dink by Bezuidenhout en opgelê/lê by Zwaartman.

'n Ndl. stam by die pv./inf. impliseer altyd 'n Ndl. stam by die v.dw.; 'n Afr. stam by die v.dw. impliseer 'n Afr. stam by die pv./inf. Daar is dus 'n duidelike implikasionele verhouding tussen die v.dw.-stam en die pv./inf.-stam: waar ons nie dieselfde stam in albei kategorieë kry nie, neig die v.dw. om meer konserwatief of nader aan Ndl. te wees as die pv./inf. (of lg. om meer progressief, nader aan Afr. te wees).

As ons die v.dw. en imp. van wwe. wat in Ndl. onreëlmatig is, met mekaar vergelyk, dan vind ons nie 'n duidelike implikasionele verhouding soos hierbo nie: by Joh. Duminy is die A.B.N.-a-stam (-bragt, -daqt) tot die v.dw. beperk; by die imp. vind ons slegs dialektiese g-vorme. Trigardt het 'n analogiese imp., zoekte, naas die imp. en v.dw. -zoqt; Bezuidenhout en Meurant (1861) het weer 'n analogiese v.dw. gedink, gedenk naas die imp. soq. Hierdie handjievol gegewens weerspieël egter die feit dat die v.dw. aan analogiese gelykskakeling onderworpe was, maar die imp. juis aan die behoud van onreëlmatige vorme in die wording van Afr.

Maar wat betref die verhouding v.dw./pv., inf.-stam by wwe. soos brengen en denken is daar 'n duidelike implikasionele verhouding; waar die stam nie gelyk is nie, is die v.dw. konserwatiewer as die pv./inf. - al is die

konserwatisme bloot geleë in die skryf van e i.p.v. i in die stam. Vier tipes verhoudings kan onderskei word: (1) gebracht/brengen, bringen (en so ook gedacht, ens.) by Trigardt; (2) gedink/dink by Bezuidenhout; (3) gedag, gedenk/denk in die 1854-brief en by Meurant (1861) (en so ook gebrag by lg.) en (4) gebreng/breng, bring by Meurant (1844-50) en Zwaartman (asook gedenk by e.g.).

Interessante gevalle van stam-identiteit tussen die v.dw. en pv./inf. is o.m. -tyken en -perbeer by Meurant (1861) en -teekent by Zwaartman. Teken as pv./inf.-stam by e.g. is die vorm wat in mod. Afr. die dialektiese variant verdring het; reent is as inf. (vgl. Zwaartman) slegs in Afr. moontlik.

Die groter konserwatisme van die v.dw.-stam (in vergelyking met die pv./inf.) kan in sommige gevalle, soos aangetoon, op rekening van skrywerskonserwatisme geplaas word. Oor die algemeen is hierdie neiging egter so konsekwent aanwesig dat dit m.i. ook kenmerk van die oorgangsgrammatika, Ndl. na Afr., moet wees. In die volgende par., waar die verlies van slot-/t/ by die v.dw. met dieselfde verlies by die pv. vergelyk word, vind ons hierdie groter konserwatisme van die v.dw. terug.

2.4 DIE UITGANG

2.4.1 Inleiding

Die Ndl. swak v.dw. (waarby ook 'n aantal onreëlmatige v.dwe. ingesluit is, soos gedacht, gebracht, gekocht en gezocht) neem d as uitgang na 'n stemhebbende klank, g, en s, f voorafgegaan deur 'n lang klinker, bv. gedraaid, gevraagd, gelegd, gegraasd, gelaafd. In alle ander gevalle is die uitgang t, bv. gedacht, verrast, geblaft, gelaakt, gelakt, genoopt, ontpopt. Ofskoon die d onderliggend ook /d/ is (vgl. gedraaide, gevraagde), word -d sowel as -t aan die voordeinde as [t] uitgespreek. Aangesien dit hieronder slegs om 'n slot-d gaan en dit nie aangetoon is of sal

Author Conradie C J

Name of thesis Die Diachronie van die Afrikaanse voltooië deelwoord 1979

PUBLISHER:

University of the Witwatersrand, Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.